SPADE REËN ("BLOU ROKKE") VERLOËNINGSGEBED

(NB: Ons moedig gelowiges in Jesus Christus aan om eers die volledige lering van IIC op YouTube (unlisted) te bestudeer sodat volledige insig en openbaring van waarheid verkry kan word.)

Hierdie verloëningsgebed is vir die eindtyd Bruid van Jesus Christus wat ons lering getiteld ***"Uiteindelik die waarheid – Spade Reën Sending – Hoekom die mense so gebind is"*** (YouTube, unlisted – www.ignitedinchrist.org) gekyk het en deur die Heilige Gees oortuig is dat dit die waarheid is en wat derhalwe ook reeds met Spade Reën as 'n godsdienstige instelling gebreek het.

Hierdie gebed is nie bedoel vir die algemene publiek nie en moet derhalwe met oorleg en diskresie gebruik word en verkieslik nie op enige publieke of openbare forum gepubliseer word nie. Dit mag egter aangestuur word vir mense wat wil vrykom uit Spade Reën asook vir gelowiges wat andere met gebed bedien en sodoende beter toegerus wil word.

Hierdie gebed het dus ten doel om gelowiges in Jesus Christus (deur die krag van die Heilige Gees en Jesus Christus se bloed gestort aan die kruis) geestelik, psigies, liggaamlik, finansieel en andersins vry te stel sodat hulle 'n meer effektiewe krygerbruid vir Jesus Christus in die eindtyd te kan wees.

Ignited in Christ (IIC) se oogmerk is nie om Spade Reën Sending (SRS) as 'n godsdienstige instelling aan te val of te diskrediteer nie (want ons kan almal mislei word en dwaal en met die maat waarmee ons meet sal daar ook vir ons gemeet word (Mat. 7:2)). Paulus het dan ook gesê in Efesiërs 6 vers 12 dat ons stryd nie is teen vlees en bloed nie maar teen die prinsipaliteite, magte en owerhede van hierdie sondige wêreld en dus teen die bose geeste in die lug (geesresrealm). IIC se mandaat in die Liggaam van Jesus Christus is om die gevangenes vry te maak in ooreenstemming met Jesus se groot opdrag aan Sy dissipels (Jesaja 61:1; Lukas 4:18 & 19) sonder vrees vir mense en selfs vir godsdienstige en ander instansies. Ons mandaat en opdrag is van Jesus Christus en derhalwe is ons verantwoordelikheid ook teenoor Jesus Christus.

Ons moet ook onthou in hierdie konteks dat dit vir Jesus in die eerste plek gaan oor die genesing, vrymaking en versorging van die individuele skape van Sy kudde (Luk. 4: 18 & 19) en nie oor die beskerming van godsdienstige instansies en "kerke" wat deur mense opgerig is nie. Die enigste "kerk" ontwerp wat Bybels gefundeerd is is die informele huiskerk-model waar gelowiges hulself bloot in informele groepe organiseer en in mekaar se huise bymekaarkom ten einde saam te kan aanbid en lofprys (soos wat die eerste "Handelinge-kerk" in die tyd van die apostels gedoen het).

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Dit is dus baie belangrik dat die gelowige wat hierdie gebed wil bid allereers lidmaatskap van Spade Reën as godsdienstige instelling moet beëindig asook dat enige onheilige gees- siels- en ander bande met die organisasie, sy leiers, mense asook infrastruktuur verbreek moet word (Let wel: Heilige gees - en sielsbande met medegelowiges moet altyd in plek bly aangesien dit selde ooreenkomstig Jesus se opdrag van naasteliefde kan wees om, soos Ouma Fraser dikwels beveel het, 'n *"skoon sny"* met mede-gelowiges te maak).

Dan beveel ons ook aan dat u eers rustig deur die hele gebed lees en dit u eie maak (dit bestudeer), alvorens u begin om die gebed te bid. Ons stel voor dat oud-Spade Reëners ook hierdie gebed neem en dit as besprekingsdokument in klein groepies gebruik ten einde die inhoud daarvan teen die Woord (spesifiek die Nuwe Testament en die Woorde van Jesus en die Apostels) te toets asook om mekaar dan so te help om alles mooi te verstaan.

Staan dan ook gerus geestelik in die gaping vir u eggenoot, kinders en nageslag wanneer U die gebed uiteindelik met volle oortuiging afbid.

Aangesien die geestelike bindinge in SRS grootliks ooreenstem met dié van die Rooms Katolieke Kerk en dit sy grondslag het in die hele vals drie-eenheid naamlik songod, hemelkoningin en antichris (oftewel "vals Jesus" (ook die Kundalini)) is dit hoogs aan te bevole dat oud-Spade Reëners ook mettertyd die volgende leringe van IIC (vryelik beskikbaar op YouTube asook IIC se webblad) deurwerk ten einde die bloedlyn – en ander regte van die vyand oor hulself en hul nageslag te kanselleer:

- *Kundalini (vals heilige gees)*
- *Wash your spiritual DNA in the blood of the Lam, Christ Jesus*
- *The curse of Freemasonry (asook die "Geestelike Erfenis van die Afrikaner")*
- *Athaliah (songodaanbidding en die vesting van Jezebel en Agab)*
- *Queen of Heaven (Hemelkoningin) – Lilith, Jezebel en Hecate*

Die volledige Warrior Skool reeks van IIC (gratis verkrygbaar by info@ignitedinchrist.org) kan ook oud-Spade Reëners verder help om in hul identiteit en outoriteit in Jesus Christus te groei en om sekere geestelike begrippe onder die knie te kan kry en sodoende dus verder vry te kan kom.

GEBED

Ek bely eerstens dat ek glo in die enigste ware God naamlik God drie-enig wat Homself aan ons openbaar het deur Sy Seun Jesus Christus aarde toe te stuur om vir elke sondaar te sterf sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Ek glo dus in die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees, die Gees van Waarheid wat (naas die geskrewe Woord van God (die Bybel)) ons in alle waarheid lei (Joh. 16:12-14). Ek bely dat ek geen ander god wil dien en volg nie (ingesluit mense en godsdienstige instellings) en U bo alles wil gehoorsaam, dien en eer Here Jesus Christus.

Jesus Christus, my persoonlike Verlosser, Koning en Bruidegom, ek kom vandag voor U troon in die geestesrealm in die diepe besef Here Jesus dat ek mislei was en saam met talle ander mede-gelowiges in die Spade Reën Sending (SRS) gedwaal het (ten opsigte van wie U is asook

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

ten opsigte van die ware identiteit van U Heilige Gees en U Evangelie van redding onder die Nuwe Verbond). Dit het gebeur deurdat ek myself verbind het aan SRS asook deurdat ek (bewustelik of onbewustelik) Maria Martha Fraser ("Ouma Fraser") se leringe en veral dan ook dit wat deur haar en die "profete" onder haar gesag ge"profeteer" is, nagevolg het sonder om dit te toets aan U waarheid van die Nuwe Verbond, soos uiteengesit in die Nuwe Testament.

Here Jesus, ek het na die bogemelde lering van IIC op YouTube (unlisted) gekyk en spesifiek oor hoekom die mense van SRS so geestelik gebind is en ek dank U vir die openbaring van die waarheid want SLEGS DIE WAARHEID KAN ONS VRYMAAK (Joh. 8:32).

1. ERKENNING, BELYDENIS EN VERLOËNING VAN MISLEIDING EN DWALINGE IN SRS

Here Jesus Christus, ek kom voor U troon en erken en bely dat ek in vele opsigte as lidmaat of volgeling van die SRS mislei is en gedwaal het ten opsigte van wie U is, wie die Heilige Gees is asook watter evangelie volgens die Nuwe Verbond aan ons beskikbaar gemaak is deur U kruisdood en opstanding en deur die groot prys van U bloed wat ons vrygekoop het van die sonde en die dood. Spesifiek erken, bely en verloën ek die volgende misleiding, dwalinge en leuens:

- Hoewel meeste van die mense in SRS waarskynlik baie opreg bedoel het om SRS te bou op die ware geestelike hoeksteen naamlik Jesus Christus (1 Pet. 2:6), is die SRS (oorspronklik en in die tyd van Ouma Fraser maar ook later in die tyd van Oom Pieter van Vuuren) gebou op die geestelike hoeksteen wat deur Ouma Fraser gelê is en spesifiek deur middel van haar profésies en leringe (wat as "wet" gegeld het en feitlik "slaafs" nagevolg is). Die geestelike gebou van SRS rus dus nie uitsluitlik op die geestelike hoeksteen van Jesus Christus nie maar tot 'n groot mate ook op Ouma Fraser en haar geestelike nalatenskap. Hoewel SRS volgens hul eie getuienis reeds baie hervorming ingebring het en baie van "die ou goed" reeds bely, erken en daarvoor om vergifnis gevra is, lê die geestelike nalatenskap van Ouma Fraser steeds net te diep in die fondamente van SRS ingemessel. Dit lê in die stigteres MM Fraser en haar profésies asook die SRS geskiedenis, tradisies, konstitusie, dorpe, geboue, straatname ens. Ek verstaan ook dat dit nie moontlik is om 'n hoeksteen van 'n geestelike gebou heeltemal uit te haal en te verwyder sonder dat dit die geestelike gebou as geheel affekteer nie. Hierdie geestelike hoeksteen van Ouma Fraser in SRS eer U nie Here Jesus Christus want U sê in U Woord in 1 Petrus 2 vers 6 dat U kerk alleenlik en uitsluitlik gebou moet wees op die geestelike hoeksteen van die opgestane Jesus Christus en op wat Hy vir ons gedoen het aan die kruis.
- Daar is in Spade Reën geglo dat Ouma Fraser die absolute mondstuk van die Heilige Gees is en dat haar en die ander "profete" van SRS se profésies nie bevraagteken mag word nie en dus absolute gesag oor die gelowiges daargestel het (selfs bo die gesag van die Bybel). Ouma Fraser is dan ook gevolg soos die Israeliete vir Moses gevolg het en so het sy 'n tipe geestelike

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

middelaar geword tussen die "volk" en die "god" wat hul aanbid het. Dit is strydig met U Woord volgens die Nuwe Verbond want toe U gesterf het aan die kruis het die voorhangsel in die Tempel geskeur wat simbolies was daarvan dat alle gelowiges nou vrye toegang tot die Vader het deur Jesus Christus (hul Middelaar) en dat 'n aardse tussenganger nie meer nodig is nie.

- Ek erken en bely dat hierdie opheffing en heldeverering van Ouma Fraser (en die onaantasbaarheid van haar en die ander profete van SRS se profésies en geestelike nalatenskap) neergekom het op afgodery. Ons behoort slegs vir U te vereer Here Jesus Christus en slegs vir U en U geskrewe Woord bo alles te eer en te volg.
- Nadat ek die lering van IIC bestudeer het, het ek tot die besef gekom dat daar inderdaad onder die geestelike hoeksteen van Ouma Fraser (as gevolg van haar leringe en veral profésies) 'n "ander jesus, 'n ander gees en 'n ander evangelie" lê, soos waarteen Paulus die gelowiges van sy tyd gewaarsku het (2 Kor. 11:4). Die "ander jesus" wat deur die profésies verkondig is is niemand anders as ons geestelike teenstaander naamlik "Satan" oftewel "Lucifer" nie. Die "ander gees" was die vals heilige gees naamlik Kundalini en die "ander evangelie" was dié van die Ou Verbond wat bestaan uit die verdien van my saligheid deur werke, wettisisme, godsdiens, rituele en die voortdurende aanwending van die bloed van die offerdiere (wat nie kan red nie en wat dood bring).
- Vanuit SRS se eie amptelike dokumentasie (en dan spesifiek die Sondagskool handleidings) is dit duidelik dat geleer is dat die bloed wat in SRS (volgens Ouma Fraser se nalatenskap en veral deur haar profésies) voortdurend gepleit is, die bloed van die offerdiere van die Ou Verbond is en nie die bloed van Jesus Christus, gestort vir my aan die kruis nie. Ek erken dat hierdie vals bloed van die offerdiere (wat so gedurig gepleit moes word) nie kon red nie en telkens daartoe bygedra het om my en my gesin weer terug te bring onder die Wet en die vloek wat sonde bring. Dit is in stryd met Jesus Christus se bloed wat eenmalig vir ons gestort is aan die kruis en waarmee ons eenmalig en vir ewig reeds losgekoop is uit die mag van sonde en die dood. Die praktyk van om iets "*onder die bloed te pleit"* is nie soseer verkeerd nie maar dit gaan oor watter bloed aangewend word. Daar is dan ook vals bloed wat 'n vervalsing (of "counterfeit") is van die bloed wat U vir ons aan die kruis gestort het. Dit is duidelik dat (volgens Ouma Fraser se nalatenskap in SRS) dit die kragtelose bloed van die offerdiere is van die Ou Verbond. Deur telkens hierdie bloed te pleit het ek myself al vaster gebind in die gees aan die Ou Verbond se evangelie (wat nie kon red nie) en daardeur die lewende bloed van Jesus Christus (gestort vir my aan die kruis) verhinder om my skoon te was en te beskerm. Ek het ook my gesin, my huis, voertuig, finansies ens. onbewustelik terug onder die vloek van die Ou Verbond gebring
- Profésie en profete is in SRS (in die tyd van Ouma Fraser en ook daarna) verhoog tot absolute gesag (selfs bo die Bybel) en profete en profésie is telkens meer gevrees as wat God self (Jesus Christus as deel van God drie-enig) met 'n

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

heilige eerbied gevrees is. Profésie is dus effektiewelik gebruik om die Bruid van Jesus Christus te beheer, manipuleer, intimideer en kontroleer asook domineer (die geestelike vesting van Jezebel) en dit het die lede van SRS deur vrees vir mense geestelike slawe gemaak (die geestelike vesting van Agab). Hierdie verabsolutering van profésie is ‘n ernstige leuen en dwaling, aangesien ons almal deur die inwonende Heilige Gees van tyd tot tyd die gawe van profesie kan beoefen en ook aangesien U in U Woord sê dat profesie en die gees agter dit getoets moet word (1 Joh. 4:1) en dat ons altyd waaksaam en nugter moet wees (1 Pet. 5:8).

- Ek besef ook nou dat baie van die sg. profésies (gegee deur “instrumente” oftewel “profete” in die tyd van Ouma Fraser) was niks anders as die vals heilige gees oftewel Kundalini wat dan deur die “profeet” (wat na “worsteling” en “instry” uiteindelik “oorgegee” het) bewustelik of onbewustelik gewerk het as ‘n geestelike medium nie. (Dit neem natuurlik nie weg van die feit dat die ware Heilige Gees van Jesus Christus (ook tot ‘n meerdere of mindere mate) teenwoordig kon gewees het en ook gewerk het selfs deur die sg. “profete” en “profésie“ nie want U Jesus het die harte van U mense geken.)
- Dit is duidelik (veral uit die profésies van Ouma Fraser) dat daar ‘n Jezebelliese gees in SRS was wat die volgelinge van Ouma Fraser in ‘n tipiese Agab-styl onderdanig gehou het. Die Jezebel-Agab vesting in SRS was ook duidelik te sien uit die feit dat deurentyd groot klem gelê was op Ouma Fraser se absolute gesag en leierskap as ‘n moeder en vrou. Sy het dan ook met ‘n ysterhand “regeer” en haar woord was letterlik “wet” en het vrees by almal ingeboesem;
- Die blou rok wat gedra is deur vroulike lede van SRS gedurende die week is nie ‘n teken van die salwing en beskerming van die Heilige Gees nie maar wel van die vals heilige gees (geopenbaar deur die gestalte van die Hemelkoningin oftewel Ishtar/Astarte/Ashterof ook bekend as Moeder Maria van die Rooms Katolieke kerk, ook bekend as Kali, Shiva, Isis, Semiramis en Juno in ander kulture en tyd). Dit is ook die kleur van die esoteriese en Kundalini-ontwaking en dus weereens van die vals heilige gees. Deur blou te dra het ek dus onbewustelik eer gegee aan die vals heilige gees en ook onbewustelik ‘n geestelike deur oopgemaak vir geestelike hoogmoed, trots, misleiding en valsheid. Die wit rok op Sondae wat reinheid en heiligheid moes simboliseer eer U ook nie Here Jesus Christus want U sê in U Woord (Gal. 3:27) dat ons wat in U kruisdood en opstanding gedoop is “aangetrek is met Jesus Christus” in die gees. Indien ons dan reeds aangetrek is in die gees met Jesus Christus en die vyand sidder as hy na ons kyk, hoe kan dit dan nog nodig wees om ‘n spesifieke kleed te dra (ook bv. die voorgeskrewe bruin pakke van die mans)? Dit is ook ‘n leuen dat die spesifieke kleed ons beskerm en gesond gehou het ens. asook dat dit ons Bruidskleed is want dit is U bloed Jesus Christus, gestort aan die kruis, wat in die gees ons beskerm en gesond hou. Dit is dan ook nie nodig om ‘n uiterlike simbool van eensgesindheid te hê nie want die eensgesindheid lê in die gees en in ons harte. Almal wat glo in Jesus Christus

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

en dat Hy vir hul sondes aan die kruis gesterf het en opgestaan het is eensgesind en vorm gesamentlik die Liggaam van Jesus Christus op aarde. Die spesifieke kleed het tot die teendeel ook bygedra tot baie hartseer en verwerping aangesien baie gelowiges in Ouma Fraser se tyd vrees ingeboesem is deurdat bv. gesê is (volgens aangetekende profésies) dat hul krankhede sou terugkom indien die kleed nie meer gedra word nie of dat sekere persone nog nie goed genoeg is of waardig genoeg is om dit te dra nie.

- Die aangetekende profésies van Ouma Fraser wat gesê het dat die Heilige Gees vroulik is en dus vergelyk kan word met ‘n moeder, ‘n duif wat op eiers broei ens. is vals. Die Heilige Gees is die Gees van die Vader en van Jesus Christus en daar word van Hom gepraat as manlik (Johannes 14:26) en as sulks kan dit nie as uitsluitlik vroulik beskou word nie. Die Heilige Gees vorm dan ook onlosmaaklik deel van die heilige drie-eenheid naamlik Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is tot die teendeel ‘n heidense beskouing wat vandag veral deur diegene in die “New Age” gepropageer word om na die Heilige Gees te verwys as vroulik.
- Die profésies van Ouma Fraser wat daarop gesinspeel het dat slegs SRS die volle waarheid beet het en deur Jesus Christus bo alle ander gelowiges uitverkies is is ‘n leuen en vals. Hierdie vals lering (veral in die tyd van Ouma Fraser) het tot geestelike hoogmoed en ‘n veroordelende houding teenoor ander gelowiges en groeperinge in Jesus Christus aanleiding gegee.
- Die geloofshuise was nooit U wil vir U Bruid nie Jesus Christus en daar is ook geen regverdiging daarvoor in U Woord volgens die Nuwe Verbond van Jesus Christus nie. Die huiskerk-konsep is iets geheel en al anders en bestaan bloot uit gelowiges wat vryelik in mekaar se huise bymekaar gekom het om U te aanbid en te loof en prys. Ek erken en bely dat die geloofshuis-konsep eerder vergelyk kan word met die kloosters van die Rooms Katolieke Kerk en dat dit ten doel gehad het om U dissipels te isoleer, uit die wêreld te verwyder en te onderwerp aan wettisisme en versmorende godsdiens. Op hierdie manier het die vyand gepoog om gelowiges se mooi en intieme verhouding met Jesus Christus (wat lewe gee) te vervang met godsdiens en wettisisme (wat geestelike dood bring). U Woord sê dat U kinders nie **van** die wêreld is nie (nie aan die wêreld behoort nie) maar wel **IN** die wêreld is ten einde getuienis van die waarheid te kan lewer en ook ten einde sout en lig vir die wêreld te kan wees (Mat. 5:13 & 14).
- Dit is ook nie U wil Here Jesus Christus dat kinders in geloofshuise geplaas moet word en sodoende op ‘n relatiewe jong ouderdom van hul ouers en families geskei moes word nie. U is ‘n God van verhouding en gesins – en familiebande is vir U baie belangrik. Dit is dus eerder in U wil dat kinders van gelowige ouers deur hul eie ouers geestelik begelei en beskerm moet word en dat U liefde (deur hul ouers) hul lewens moet ondersteun en verryk. Deur die kinders in die geloofshuise te plaas is hul onder die goddelik aangestelde gesag en beskerming van hul ouers uitgeneem. Hul is geplaas onder die gesag van

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

persone wat (wetend of onwetend) instrumente in die hande van die vyand geword het om die kinders ook geestelik te laat bind en hul uiteindelik te weerhou van hul skeppingsdoel in U Here Jesus Christus.

- Verplasings na die verskillende geloofshuise in SRS was nie noodwendig altyd in U wil nie en meer ‘n manier om mense weereens te beheer en te manipuleer. Deur hul voortdurend te ontwortel en na soms afgeleë plekke te stuur is hul verhoed om iewers stabiliteit te vind en om daardeur effektiewe dissipels vir U in hul gemeenskap te kan word.
- Dit is ‘n vals lering van Ouma Fraser[1] dat sondes slegs bely moet word (en dit dan ook voor ‘n “betroubare getuie”) en dan onder die vals bloed van die Ou Testamentiese offerdiere gepleit moet word sonder om ook vir Jesus Christus spesifiek te vra vir vergewing en skoonwassing met Sy kosbare bloed gestort aan die kruis. Op hierdie manier is die sondes (wat reeds vergewe is op grond van 1 Johannes 1 vers 9 by die berouvolle belydenis daarvan voor die voete van Jesus) weer teen die gelowige opgestapel in die geestesrealm (ook weens die effek van die vals bloed van offerdiere wat oor dit gepleit is) en kry die vyand dus weer die reg om die vloek van die sonde en die Wet teen die gelowige te bring en hom/haar sodoende te bind.
- Die Tempel te Jatniel (asook die geloofshuise en onderskeie gebedskamers) is nie U huis hier op aarde nie Jesus Christus want U sê duidelik in U Woord dat U (in terme van die Nuwe Verbond) nie woon in geboue deur mense gebou nie maar in die harte van U mense wat wedergebore is (1 Kor. 6:19). Die Tempel te Jatniel (asook die geloofshuise en gebedskamers) was dus nie sg. “heilige grond” nie want die heilige grond waar Jesus woon deur Sy Gees is nou in ons wedergebore harte. Die gebruik om skoene uit te trek alvorens die sg. “heilige grond” betree word eer U dus ook nie en is wat die heidene doen ter verering van hul vals gode.
- Ek erken en bely dat daar volgens getuienis (baie daarvan reeds in die publieke domein) baie seksuele sonde in SRS was en dan spesifiek buite egtelike verhoudings en owerspel asook veral molestering en selfs verkragting en sodomisering van kinders. Ek erken en bely ook dat hierdie sondes en andere dikwels toegesmeer is deur geheimhouding, misbruik van gesag asook misbruik van medikasie ens. Die oortreders is ook dan meestal beskerm ten koste van die slagoffers.
- Die praktyk om versoening te bid vir ‘n siel in die geloof dat die persoon dan bloot op grond van die gebed gered sal word is ‘n dwaling. Ons behoort natuurlik te bid vir mense se redding maar ons kan nooit sê dat bloot op grond van ons gebed ‘n persoon se siel (en gees) gered sal word nie. Jesus Christus respekteer vrye wil (Deut. 30:19) en elke persoon wat oud genoeg is om bewustelik te kan kies moet self kies om Jesus Christus as sy/haar persoonlike Verlosser aan te neem alvorens die persoon gered kan word (verwys ook na

[1] Ouma Fraser se boekie *“Die onderskeiding van geeste”* p. 2

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Jesus se gesprek met Nikodemus in Joh. 3). Hierdie gebruik om versoening vir ‘n siel van ‘n ander persoon te bid is dus nie Skriftuurlik en volgens die Nuwe Verbond evangelie van Jesus Christus korrek nie en het weereens baie ooreenkomste met dié van die Rooms Katolieke Kerk.

- Die oortuiging (veral in die tyd van Ouma Fraser) dat gelowiges in Jesus Christus in die eindtyd nie kinders behoort te hê nie aangesien *“stoppels vir die vuur”* gemaak word is ‘n gruwelike maar ook tragiese dwaling. Ons Here Jesus Christus is ‘n God van generasies en kinders is en bly altyd ‘n seëning van God. Dit is dan ook die mens se skeppingsopdrag van Jesus af dat ons moet vrugbaar wees en vermeerder (Gen. 1:28). Hierdie opdrag is nog nooit deur God teruggetrek nie. Ons as kinders van die ware lewende God behoort ook nie bevrees te wees dat ons kinders in die eindtyd nie ‘n toekoms sal hê nie want alhoewel Christene vervolging kan verwag is Jesus Christus steeds getrou en het Hy belowe om met ons te wees tot die einde toe (Mat. 28:20). Goddelike generasies is juis nodig (en veral in die eindtyd) sodat die gelowiges in Jesus Christus Sy eindtyd dissipels kan wees en die evangelie kan bring tot aan die uithoeke van die aarde en todat Jesus weer kom. Ek erken en bely dat deur myself te steriliseer of om myself op enige wyse daarvan te weerhou om kinders te hê is inmenging met U heilige ontwerp van die vrugbaarheid van my liggaam en ongehoorsaamheid aan U skeppingsopdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder.
- Die gebruik en geloof in SRS (veral in die tyd van Ouma Fraser) dat daar eers toestemming verkry moes word van Ouma Fraser (of dan die bestuur van SRS) alvorens ‘n gelowige ‘n verhouding mag hê en/of in die huwelik mag tree is nie ooreenkomstig Jesus Christus se geestelike beginsel dat Hy aan die mens vrye wil gee nie. Dit het weereens neergekom op beheer, kontrole asook selfs manipulering en gepaardgaande intimidasie (indien toestemming of goedkeuring nie verkry is nie). Die liefde tussen ‘n gelowige man en ‘n gelowige vrou is heilig en privaat en hul behoort slegs Jesus Christus self te raadpleeg oor hul verhouding en nie deur die bemiddeling van ‘n derde person nie. (Bygesê is dit ook nie verkeerd om vrywilliglik saam met ander medegelowiges oor ‘n voornemende verhouding te bid en gesamentlik die Here daaroor te raadpleeg nie.)
- Die betaal van tiendes behoort ook tot die Ou Verbond en gelowiges staan nou nie meer onder daardie wettiese verpligting nie. Gelowiges staan nou onder die leiding van die inwonende Heilige Gees en behoort te skenk en te saai in God se Koninkryk hier op aarde soos en wanneer die Heilige Gees hul lei. Hul is dus algeheel vry om meer (of minder) as ‘n tiende van hul inkomste te gee en aan wie hulle wil (nie noodwendig net aan ‘n kerk nie). Dit is dus ‘n leuen dat die betaal van tiendes is soos om *“padkos bymekaar te maak”*[2] waarmee geimpliseer is dat die gelowige in die toekoms finansieel daardeur geseën sal

[2] Profésie van Ouma Fraser.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

word. Die teendeel is eerder waar naamlik dat die betaal van Ou Testamentiese tiendes eerder ‘n geestelike binding op daardie gelowige se finansies sal bring en die ware Jesus Christus se finansiële seën sal blok.

- Dit is ‘n leuen dat U kinders Here Jesus Christus moet arm wees en swaarkry ten einde volledig toegewyd aan U hier te kan leef op aarde. U is ‘n goeie Vader wat wil voorsien in al U kinders se behoeftes en armoede en finansiële tekort is bloot nie U wil vir U kinders nie. Bygesê behoort toegewyde kinders van God nie te strewe na aardse rykdom nie maar eerder na geestelike rykdom en vir hul skatte bymekaar te maak in die hemel waar mot en roes nie verniel nie (Mat. 6:19).
- Die teologie wat in Spade Reën gepredik en veral geprofeteer is dat die wegraping van die Bruid van Jesus Christus voor die groot verdrukking gaan plaasvind en dat gelowiges wat nie gereed is nie sal moet agterbly en die verdrukking deurmaak is ‘n dwaling en gebaseer op ‘n verkeerde uitleg van die Skrif (Bybel). Jesus self sê duidelik in Sy Woord (Matteus 24:29-31 saamgelees met hoofstuk 24 as geheel) dat Hy kort **na** die groot verdrukking sal kom en **eers dan** wanneer die groot hemelse trompet weerklink sal Hy Sy engele opdrag gee om Sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke en vanuit elke uithoek van die aarde af. In Openbaring 7 vanaf vers 9 en tot en met vers 17 word dit deur Jesus ook aan Johannes openbaar dat die gelowiges in die eindtyd martelare sal wees wat *“**uit die groot verdrukking kom**”* en wat *“hulle klere gewas het en hul klere wit gemaak het in die bloed van die Lam.”* Dit is ‘n verdere dwaling dat slegs die gelowiges wie se sonde volledig uitbely is saamgeneem sal word met Sy wederkoms. Elke wedergebore gelowige wat in Jesus se kruisdood en opstanding gedoop is (Rom. 6:3-5) en hul so met die opgestane Jesus vereenselwig het is na gees, siel en liggaam wedergebore en is dus geestelik ten volle vrygemaak van die vloek van die sonde en die dood deur Sy genade. Geestelik het alle gedoopte en wedergebore gelowiges dan (in God die Vader se oë) geestelik sonder sonde geword aangesien ons sondige natuur (vir goed) in die gees deur wedergeboorte (geesmens) en in die doopbad (siel en liggaam) afgewas is (*“ons* (geestelike) *klere is wit gemaak in die bloed van die Lam”*). Ons is dus nou ten volle beklee met Jesus Christus (Gal. 3:27) en volkome aanneemlik vir God die Vader. Hierdie leuens oor die voor-verdrukking wegraping is dan ook dikwels gebruik om die gelowiges in SRS vrees in te boesem en te manipuleer en te beheer en om sodoende hul te dryf na sinnelose werke en rituele van dood en vernietiging.
- Dit is ‘n dwaalleer wat dikwels geprofeteer is (veral in die tyd van Ouma Fraser) dat (as die Here nou sou kom) die gelowiges *“nie die hemel sal haal nie”* omdat hulle dan nou kwansuis nie goed genoeg is nie. Daarmee saam verwerp ek die gebruike wat gereeld in SRS toegepas is naamlik dat gelowiges moet kruip om hulself te verneder en ook bv. dat ‘n bordjie om iemand se nek gehang moet word ten einde die persoon te verneder. Jesus sê duidelik op meer as een plek in Sy Woord dat ons gered word op grond van ons geloof alleen (Joh. 6:40).

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Verder is dit ook uit die Skrif duidelik (Joh. 3:5) dat om dadelik te kan deurgaan na God se troonkamer en die 2de dood[3] te ontkom moet ons nie net wedergebore na geesmens wees nie maar ook na siel en liggaam (deur die doop van gelowiges deur volle onderdompeling). Dit is al wat nodig is om gered te word en om dadelik te kan deurgaan na die Bruilofsmaaltyd van die Lam en geen goeie werke (of gebrek daaraan) sal ons kan verhoed om in die Hemel te kom nie (mits ons steeds in Jesus Christus glo en nie Hom of ons doping as gelowige verloën het nie (soos wat bv. gebeur sou 'n gelowige 'n Vrymesselaar word).

- Die gebruik in Spade Reën (wat dan ook in Ouma Fraser se tyd dikwels so geprofeteer is) dat die gelowiges die Here 3 dinge kon vra wat Hy dan vir hulle sou gee is geensins 'n Bybels-gefundeerde gebruik of beginsel nie. Dit laat mens (tot die teendeel) eerder baie dink aan sekere kindertydsprokies waar die goeie feë (die demoniese vesting van Hecate en heksery) aan die onskuldige en naiewe kindjie sou sê dat hy/sy drie wense mag wens en dat dit sal waar word. U seëninge Here Jesus Christus vir U Bruid en die goedheid van die Vader vir Sy kinders is onbeperk en U belowe in U Woord dat ons alles wat ons vra in die naam van Jesus Christus sal ontvang as ons glo, sonder beperking (Joh. 14:13).
- Die gebruik (wat dan ook dikwels in die tyd van Ouma Fraser geprofeteer is) om die oë toe te maak wanneer daar geprofeteer, ingestry en geworstel word (anders was daar nie "respek" vir die "Heilige Gees" nie en bring dit 'n "weerstand") is ook nie van U af nie Here Jesus Christus. Dit was tot die teendeel maar net nog 'n manier van beheer en intimidasie en 'n poging van die vyand om te verhoed dat U kinders sober en nugter bly en kan sien dat die manifestasies nie van U Heilige Gees afkomstig was nie maar eerder van die Kundalini of vals heilige gees (genoem in SRS die "*engel des ligs*").
- Die gebruik in SRS en dan veral ook by verskeie geloofshuise (veral in die tyd van Ouma Fraser) dat geprofeteer is dat die gelowiges sakke oor hul koppe moet sit en hul dan "in stilte" uitgestuur word waarna hul vir etlike ure en selfs dae in stilte moes bly totdat die "Here" dit opgehef het is ook nie van U af nie Here Jesus. Daar is geen Nuwe Testamentiese voorbeeld waar U kinders (in die algemeen) vir lang tye (met of sonder 'n sak oor hul koppe) moes stil wees nie. Jesus het wel soms stil geword en Sy Vader se aangesig in afsondering gesoek maar dit was altyd vrywilliglik en weereens nie onder dwang of vreesinboeseming nie.
- Vasting hoort (as 'n reël) tot die Ou Verbond en ook dié dat die rabbi's asook menige ander in heidense gelowige (soos die Moslems) ook nog in vandag se tyd gereeld vas. U het ons van al hierdie Ou Testamentiese en wettiese reëls en gebruike vrygemaak Jesus Christus. Ons wat die Bruidegom by ons het (deur Sy Gees wat in ons woon) het (as 'n reël) nie nodig om gedurigdeur te vas nie, behalwe as dit uitdruklik 'n opdrag van die ware Jesus Christus sou wees (Luk. 5:34 & 35). U sê in U Woord Jesus Christus dat U juk lig is en dat U nie

[3] Wagtydperk in die doderyk tot en met Jesus Christus se wederkoms en waartydens die groot oordeel sal plaasvind wanneer almal voor Sy Regterstoel sal verskyn.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

swaar laste op U kinders plaas nie (Mat. 11:30). Dus, om van oumense en selfs kinders te verwag om op ‘n gereelde basis en vir lang tye te vas (deur nie te eet of te te drink nie) is bloot nie (in die algemeen) U wil vir ons nie. U het met U bloed vir ons vryheid betaal en U het beloof om met ons te wees tot aan die voleinding van die wêreld so ons het die Bruidegom by ons en dan ook spesifiek in ons wedergebore harte.

- Die gebruik in SRS om in sak en as te vas, te bid, te slaap en/of te worstel asook om as op die tong, in die skoene en op die kop te plaas, die strooi van as, drink van aswater, die stuur van ‘n gelowige om in ‘n “askamer” te gaan sit en die dra van ‘n sakgordel was ook glad nie deur U Heilige Gees geinspireer nie maar deur die Kundalini. Dit eer U nie want U sê in U Woord dat U ‘n God is van die lewendes en nie van die dooies nie (Mat. 22:32; Mar. 12:27; Luk. 20:38). Dood en dus ook “as” (as teken van dood en vernietiging) het sy oorsprong in Satan (Lucifer) en deur jouself gedurig met “as” te assosieer (soos weereens ook die Rooms Katolieke Kerk en sekere heidense gelowe) beteken om dood en geestelike dood oor jouself te proklameer en te bring. Die sak is (volgens SRS) ‘n teken van vernedering voor God maar ook dit het sy oorsprong en geldigheid in die Ou Verbond toe die mens nog nie regverdig gemaak is deur die bloed van Jesus Christus nie. U sê in U Woord dat ons wat glo die geregtigheid van God is in Jesus Christus (2 Kor. 5:21) en dat die Vader dus Sy Seun in ons sien. Ons is ook volgens Galasiërs 3 vers 27 nou geestelik beklee met Jesus Christus (die Hoëpriester van die Nuwe Verbond) en derhalwe is dit strydig met die evangelie van die Nuwe Verbond om nog ‘n sak te wil aantrek in ‘n poging om daardeur in die regte posisie voor God te kom. ‘n Sakgordel se geestelike betekenis is dat ek myself bind en weer onder die vloek van die Ou Verbond (van die sonde en die Wet) plaas en dus het dit U ook nie geëer nie.
- Die gebruik in SRS om te “worstel” (deur Ouma Fraser ingestel) is niks anders as om deur herhaalde fisiese aktiwiteit en gevolglike uitputting van liggaam, siel en gees ‘n sg. “trance” of tussentoestand te bereik waardeur daar dan kontak gemaak kan word met die geestesdimensie. Die Kundalini-gees het dan ook op hierdie manier die geleentheid gekry om deur die sg. “instrumente” of “profete” te werk en dit kon daartoe aanleiding gegee het dat sommige profésies dan besoedeld geraak het.
- Die praktyk in SRS om iemand “los te skud” (meestal van “aanklewende magte”) en selfs ook in hul afwesigheid (deur jou Bybel dan te skud of om jouself in daardie persoon se plek te laat skud) (soos deur Ouma Fraser ingestel) is nie Skriftuurlik en volgens die Nuwe Verbond korrek nie. Dit het ooreenkomstig die heidense gelowe ten doel om die “chakras” (of energiesentras wat deel uitmaak van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad in die menslike liggaam en wat weer sy oorsprong in die saad van Satan het[4]) in die liggaam deur die fisiese geskud oop te maak of “los te skud” sodat die

[4] Verwys na IIC se ander leringe spesifiek oor die Saad van Satan in die mens.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Kundalini (vals heilige gees) meer vryelik in die mens kan opbeweeg en Kundalini-ontwaking (tot die "verligting" of "enlightenment") makliker kan geskied.

- Die praktyk in SRS om iemand "deur te bid" is ook nie Skriftuurlik volgens die Nuwe Verbond korrek nie aangesien ons as wedergebore gelowiges reeds die Heilige Gees inwonend in ons het en ons vrye toegang tot die Vader het (deur Jesus Christus se kruisdood en opstanding). Die "deurbid" was dan eerder 'n geleentheid vir die vyand om (deur gebruikmaking van die sg. "profete") iemand verder met die vals heilige gees Kundalini te besmet en om die persoon verder te versluier en geestelik te bind. Bygesê is dit natuurlik nie verkeerd om saam met mede-gelowiges te bid en die ware Jesus Christus se aangesig te soek nie maar ons moet weet dat met die blote aanroep van Sy naam is Hy reeds by ons en mag ons in Sy naam die Vader enige iets vra. Weereens is dit die konsep van die aardse middelaar (in hierdie opsig die "profeet") wat dan soos die Ou Testamentiese priesters (Ou Verbond) vir ons as tussenganger moet dien ten einde initimiteit met en openbaring van die Here te kan verkry.
- Die praktyk (ook soos deur Ouma Fraser ingestel) om die Bybel 7 maal onder die bloed (van die offerdiere) te pleit en om dan die Bybel oop te maak en "*'n Skrif te druk"* kon 'n geestelike deur vir die vyand oopgemaak het om met behulp van die Kundalini die geskrewe Woord van God te misbruik en/of te verdraai ten einde Sy Kinders te mislei. Dit is 'n feit dat Satan die geskrewe Woord (veral dié van die Ou Testament) beter as meeste gelowiges ken en selfs vir Jesus, as die Seun van God, daardeur probeer versoek het (Matteus 4).
- Die uittrek van skoene wanneer die "heiligdom" of Tempel te Jatniel betree is (asook elke geloofshuis en gebedsaal in verskeie streke) is 'n heidense gebruik geskoei op die Ou Testamentiese beginsel dat die Here God in 'n huis deur mense opgerig woon (soos met die bou van die Ou Verbond Tempel in Salomo se tyd). Die vyand het dan ook sekere Skrifte in die Ou Testament (naamlik dié van Moses wat sy skoene by die braambos moes uittrek) gebruik om die vrygekoopte en geregverdigde kinders van God, wat leef in die Nuwe Verbond van Jesus Christus, te mislei.
- Die in die rondte stap (anti-kloksgewys of kloksgewys) in die gebedskamer of Tempel is ook op die Ou Testamentiese gebruik geskoei van toe die volk Israel 7 maal om Jerigo moes stap om dit in te neem. Ons as wedergebore en vrygekoopte kinders van God het nou die opstandingskrag van Jesus Christus in ons (Fil. 3:10) en kan in die naam van Jesus Christus tot die Vader bid (Joh. 14:13 en 14). Dit is dus nie meer nodig om uiterlike geloofsmanifestasies (soos om 7 maal in die rondte te loop) te doen om daardeur uiterlik geestelike krag te kanaliseer of "op te wek" nie. Hierdie optrede behoort tot die heidene (soos bv. die Moslems wat om die Kaaba in Mekka moet loop tydens hul jaarlikse pelgrimstog) en Jesus sê ons moet nie wees soos die heidene nie (Jer. 10:2).

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

- Die herhalende sing van spesifieke frases van liedere of "koortjies" is ook nie Jesus Christus se wil vir ons nie aangesien Hy in Sy Woord sê dat ons nie soos die heidene moet aanbid deur 'n ydele herhaling van woorde nie (Mat. 6:7). Die "koortjies" toon dan ook baie ooreenkomste met die "mantras" wat heidene gebruik om daardeur in 'n "trance" (of tussen) toestand te kom en dus sodoende in kontak te kom met die geestesrealm en spesifiek die Kundalini gees.
- Die geestesdans genoem "instry" (deur Ouma Fraser ingestel) en die gepaardgaande vertrapping van die vyand onder die voete is ook maar net nog 'n metode ten einde 'n "trance" (of tussen) toestand te kan bereik en om daardeur in die gees oopgestel te kan word vir kontak met die geesteswêreld. Ons Here Jesus Christus vra ons in Sy Woord om sober en nugter te bly (1 Pet. 5:8) en om ons nie soos die heidene (bv. die Boesmans wat in songod aanbidding is) deur herhalende danse en sang oop te stel vir kontak met die geestesrealm nie. Die Heilige Gees woon in ons as wedergebore kinders van God en derhalwe het ons nie nodig om, soos die heidene, deur werke en uiterlike manifestasies, te probeer om in kontak te kom met ons "god" nie.
- Die konsep van "oorgee" (nadat "ingestry" is sodat die "heilige gees" dan kan "oorneem" en daar ge"profeteer" kan word) waarvan daar baie gepraat is in SRS is ook nie Skriftuurlik korrek volgens die evangelie van die Nuwe Verbond onder die Hoëpriesterskap van die opgestane Jesus Chrsitus nie. Die rede hiervoor is weereens dat die opgestane Jesus Christus deur Sy Gees reeds binne in die wedergebore gelowige woon en dat enige gelowige dus enige tyd in die naam van Jesus Christus kan profeteer want die Gawe van Profesie (deur die ware Heilige Gees) is konstant in hom/haar en kan ter enige tyd tot beskikking van die ware Heilige Gees gestel word om te gebruik soos en wanneer die Heilige Gees (in die gelowige) mag verkies. Selfs kinders (wie hul harte volledige vir Jesus Christus gegee het) kan dus te enigertyd en enige plek onder die salwing van die Heilige Gees profeteer.
- Dit is 'n leuen dat God (by name die Vader deur Sy Seun Jesus Christus en deur die kragtige werking van die Heilige Gees) net ontmoet kan word "in die diepte" met ander woorde slegs wanneer 'n diep genoeg "trance" – of tussentoestand bereik is. God Almagtig is alomteenwoordig en Hy woon deur Sy Heilige Gees in my geesmens (deur wedergeboorte). Ek kan Hom dus enige tyd aanroep deur gebed en Hy sal my net daar en dan (deur Sy Gees) ontmoet. Weereens deur die kruisdood en opstanding van Jesus Christus het ons nou vrye toegang tot die Vader.
- Gemanifesteerde geloofsaksies (bv. die speel van "treintjie" wat deur Ouma Fraser ingestel is om daardeur die seëninge van die Here fisies te kan opeis) is nie iets wat wedergebore en vrygekoopte kinders van God die Vader behoort te doen nie. Dit is bloot nie nodig nie. Ons wat lewe in die Nuwe Verbond (wat Jesus vir ons moontlik gemaak het deur Sy kruisdood en opstanding) kan bloot in Jesus se naam bid en vra en dan sal die Vader dit wat ons vra (as dit in Sy wil

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

is) vir ons gee (Joh. 14). Gemanifesteerde geloofsaksies (oftewel "profetiese aksies") hoort grotendeels tot die Ou Verbond en ook dié dat die meeste voorbeelde van profetiese aksies dan ook voorkom in die Ou Testament. 'n Wedergebore kind van God het die opstandingskrag van Jesus Christus (deur die Heilige Gees) binne in hom of haar en kan ook in die naam van Jesus Christus bid. Dit is iets wat die gelowiges onder die Ou Verbond nie beskore was nie en dus moes hul uiterlike geloofsdade uitvoer (dikwels in opdrag van God of 'n profeet) om daardeur geestelike krag te kanaliseer om 'n sekere uitkoms te bereik. Hierdie gemanifesteerde geloofsaksies is dan ook telkens in SRS in opdrag van Ouma Fraser misbruik buite God se wil. In sekere gevalle kon hierdie gemanifesteerde geloofsaksies selfs neerkom op heksery (wanneer dit wat gevra is buite Jesus Christus se wil is). 'n Voorbeeld is die gebruik wat onder sekere SRS lede in die geloofshuise bestaan het om iemand (van wie hul nie gehou het nie) se hart fisies uit te haal en die persoon met die dood te bind en dan die persoon se hart weer terug te sit. (Dit is maar net een voorbeeld van vele.)

- Die praktyk[5] om gelowiges in Jesus Christus te <u>doop deur drie-voudige onderdompeling</u> (soos deur Ouma Fraser in haar tyd voorgestaan ten einde 'n "groter seën" daardeur te verkry) is nie korrek nie aangesien Jesus slegs een keer in die graf was en slegs een keer opgestaan het. Die Vader, die Seun Jesus Christus asook die Heilige Gees kan nie van mekaar geskei word nie aangesien dit God drie-enig is en derhalwe kan daar nie vir elke persoon van die drie-eenheid afsonderlik onderdompel word nie. Hierdie is 'n dwaling oor die doop van gelowiges wat *via* die Sioniste vanuit Amerika in sekere groeperinge in die vroeë AGS[6] en dan ook in die SRS ingekom het en waarmee die vyand ten doel gehad het om die doop van gelowiges te besmet met valsheid en om dit van alle krag te beroof.
- <u>Die gebruik om die tekens van die nagmaal (naamlik die wyn en die brood) onder die bloed (van die offerdiere) te pleit alvorens nagmaal daarmee gehou word</u> het die nagmaal van sy krag beroof aangesien die bloed wat telkens oor die tekens gepleit is, die bloed van die offerdiere onder die Ou Verbond was. Daarmee saam is dit 'n leuen dat sonde ten volle uitbely moes gewees het alvorens aan ons Here Jesus Christus se nagmaaltafel gesit kan word. Indien dit so was sou ons onsself kon red deur sondebelydenis en sou dit nie nodig gewees het vir Jesus om aan die kruis te sterf nie. Dit is juis omdat die Vader geweet het dat ons onsself nie kan red nie (nie eers deur volledige sondebelydenis nie) dat Hy Sy enigste Seun geoffer het om aan die kruis met Sy bloed te betaal sodat die sonde nie meer vir ons vloek en die dood kan bring nie. Die gelowige in Jesus Christus behoort egter steeds erns met sonde te maak en bely voortdurend in sy/haar binnekamer bewustelike sondes ten

[5] Afkomstig van John Alexander Dowie en die Zioniste in Amerika.
[6] Izak Burger: Doktorale Proefskrif UP – sien IIC se lering oor SRS op YouTube (unlisted).

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

einde ‘n rein gemoed voor die Here te kan hê en ook vir doeleindes van heiligmaking en vrymaking. Sonde kan ons egter nie meer skei van die liefde van Jesus Christus nie en dus nie verhoed om voor Hom te verskyn en aan Sy verbondstafel te sit nie. Juis daarvoor het Hy gesterf naamlik sodat ons met vrymoedigheid na Hom toe kan kom.

- Gebede by die klaagmuur of Ouma Fraser se klip (te Sion) asook in die aand om 12h00 ens. is ook geskoei op die leuen dat U Here Jesus Christus slegs gebede verhoor wat gebid word by ‘n sekere plek (soos die heidense gode) en op sekere tye (soos die hekse en mense in die okkult wat gereeld om 12h00 of op sekere ander tye saamkom om te bid, rituele te doen, vloeke te spreek ens.) en dat U nie alomteenwoordig is nie en nie gebind kan word deur tyd, ruimte en plek nie.
- Daar is dikwels in SRS geprofeteer (veral in die tyd van Ouma Fraser) dat die gelowiges die kruis moet aangryp of iets dergeliks. Hier moet onthou word dat die kruis (soos ons dit ken deur oorgelewerde gebruik in die tradisionele en ander kerke (vanaf die Rooms Katolieke Kerk)) nie die ware kruis van Jesus Christus is nie maar eerder ‘n heidense simbool is afkomstig oorspronklik van Semiramis (die vrou van Nimrod en die eweknie van die Hemelkoningin)[7]. Dus bely ek dat ons die fisiese kruis as simbool van die Hemelkoningin (as lid van die vals drie-eenheid) vasgegryp het en dit dan ook deur die misleiding van die vals heilige gees wat deur Ouma Fraser as ‘n “Moeder” in SRS ingekom het.
- Die geloof dat die Bybel oop geplaas moet word by Psalm 91 of enige ander teks in die huis, motor ens. asook dat Bybelverse teen ruite geplak moet word ten einde as beskerming te dien is vals aangesien Jesus Christus se bloed in die gees elke gelowige in Hom se huis, motor en besittings beskerm wanneer in gebed daarvoor gevra word. Weereens is uiterlike werke en manifestasies nie nodig nie aangesien ons nou leef in die bedeling van die Gees en dus kan ons bloot vir beskerming vra (in die naam van Jesus Christus) en die bloed van Jesus Christus sal ons in die gees beskerm.
- Die gebruike in SRS dat alles wat geestelik waar is vir gelowiges fisies gemanifesteer moet word soos bv. die fisiese aantrek van die wapenrusing van God (Ef. 6) asook die fisiese gebruik van die Bybel as jou swaard (Ef. 6:17) ens. is nie korrek nie aangesien gelowiges onder die Nuwe Verbond van Jesus Christus nou leef in die bedeling van die Gees en nie meer in die bedeling van uiterlike werke soos onder die Ou Verbond nie. Wanneer ons dus geestelik aangetrek is met die wapenrusting van God is dit omdat ons bloot in gebed daarvoor gevra het of dit bloot verklaar het en ook is die swaard van God geestelik in ons hand wanneer ons die Woord van God (wat dan eintlik Jesus Christus self is en Sy woorde (nie die Bybel nie – Johannes 1) spreek en dan ook ooreenkomstig Jesus se Woorde profeteer.

[7] Verwys die volledige lering van Tiaan Gildenhuys getiteld *”Die boodskap van die kruis* versus *die kruis”*

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

- Dit is ‘n leuen dat sommige mense in God se oë belangriker is as ander en dus voorkeurbehandeling moes kry (soos bv. in sommige geloofshuise gebeur het dat “werkers” spesiale behandeling of voordele bo die ander gekry het). Jesus sê in Sy Woord (Hand. 10:34) dat Hy niemand voortrek nie.
- Dit is nie van die ware Jesus Christus af dat gelowiges in Hom geen ander literatuur as die Bybel of dan SRS goedgekeurde literatuur mag lees nie (spesifiek ook nie in vandag se tyd die leringe en videos van IIC nie) aangesien Jesus Christus ‘n God van vrye wil is. Daarmee saam gesê is dit nie verkeerd om mense bloot te waarsku, sou daar wel dwaalleringe in sekere boeke, videos of ander materiaal voorkom nie maar mense moet nogsteeds vry kan wees om self te besluit wat hul wil kyk, lees of bestudeer.
- Die geheimhouding en stilswye oor verskeie dinge wat gereeld in SRS plaasgevind het eer U ook nie Here Jesus Christus want U sê duidelik in U Woord dat U self niks in die geheim gedoen of gesê het nie. Hierdie geheimhouding en stilswye het ten doel gehad om te keer dat waarheid in die Lig kom en sodoende ontbloot word. Hiermee saam bely ek ook dat medikasie, na bewering, telkens (veral ook in die tyd van Oom Pieter van Vuuren) gebruik is om diegene wat waarheid wou uitbring tot stilswye te bring en/of te diskrediteer.
- Ek verklaar dat die sg. onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees is nie om profesie of profete te toets nie maar eerder om U Heilige Gees (in volslae rebellie teenoor U) te verwerp tot die dag van ‘n mens se dood en dus te kies om eerder verlore te gaan as om op U roepstem (om gered te word) te antwoord.
- Laastens erken en bely ek ook dat dit in SRS gereeld gebeur het dat mense wat dapper genoeg was om op te staan en om dinge te bevraagteken[8], dan deur profésie of andersins in die oë van die gemeente gediskrediteer is ten einde die waarheid wat wou uitkom dan op hierdie manier onder die spreekwoordelike mat in te vee. Daar is dan ook gereeld gewaarsku deur SRS dat daar nie na ‘n betrokke persoon geluister moet word nie anders *“kom jy onder sy/haar sluier”.* Hierdie diskreditering van mense of instansies was ook maar maniere waardeur SRS die gelowiges wou beheer en manipuleer asook om te keer dat hul eie onheilighede aan die Lig kom en dit het Jesus Christus nie geëer nie.

Ek vra Here Jesus Christus dat U my en my gesin sal vergewe vir hierdie misleiding en dwalinge in SRS en dat U my, my gesin en my nageslag sal skoonwas met U bloed.

[8] Bv. Oom Calvyn Bezuidenhout wat nie wou profeteer wat aan hom voorgesê is nie en toe is daar stories oor hom versprei dat hy “mal” geword het en dat mense nie na hom moet luister nie.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

2. ERKENNING EN BELYDENIS VAN MY EIE BETROKKENHEID EN DEELNAME AAN SRS – DUS PERSOONLIKE DWALING EN MISLEIDING ASOOK SONDE (NIE HIERBO GENOEM)

Jesus Christus, benewens dit wat onder paragraaf 1 hierbo erken en bely is wil ek ook net die volgende spesifiek ten opsigte van myself erken en bely (lys hier insidente en situasies wat die Heilige Gees vir jou gewys het, waar jy persoonlik gedwaal het of mislei was en/of bewustelik of onbewustelik by valsheid, heksery ens. betrokke was):

……
……
……
……
……
……
……

Ek vra dat U my ook hiervoor sal vergewe Here Jesus en my, my gesin en my nageslag sal skoon was met U kosbare bloed.

3. DIE GEESTELIKE EFFEK VAN RITUELE EN VERSOEK DAT DIT GEKANSELLEER EN NIETIG VERKLAAR WORD

Here Jesus, ek verklaar dat baie van die dinge wat gereeld in SRS (veral in die tyd van Ouma Fraser en ook Oom Pieter van Vuuren) gedoen is neergekom het op dooie werke en nie nodig was nie en nooit deur U, die ware Jesus Christus, en deur U Heilige Gees beveel is nie.

Ek verstaan ook dat dit wat in geloof in die natuurlike realm gedoen is, wel in die geestesrealm ‘n effek gehad het en deur die vyand gebruik is om my, my eggenoot en my nageslag geestelik te versluier en te bind.

Die vyand sou ook op grond daarvan die reg verkry het om (deur demoniese werking) my en my gesin se geesmens asook die sielsmens te laat versplinter en die deeltjies te programmeer om gebind en versluier te word en om daardeur die effek te kry van geestelike en psigiese “caging” (geestelike hokke en gevangenisskap).

Ek verklaar en bely dat die volgende optredes, gebruike en gewoontes (wat gereeld in SRS beoefen is) alles neergekom het op rituele van dood en vernietiging:

- Die aantrek van ‘n sak;
- Die dra van ‘n sakgordel;
- Die slaap, lê asook worsteling op sak en as;
- Die gebruik van om as te drink (aswater), te strooi, om op dit te worstel, te slaap ens.;
- Die sit in die askamer ens.
- Ander:
  ……

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

……
……

Ek verklaar dit nietig oor myself, my eggenote, my kinders en verdere nageslag en ek vra dat die effek daarvan uitgewis word op gees, siel en liggaam vlak met die kragtige bloed van Jesus Christus.

4. OPTREDE TEN EINDE 'N "TRANCE" (OF TUSSEN) TOESTAND TE BEREIK EN SODOENDE IN KONTAK TE KOM MET DIE GEESTESREALM EN DIE KUNDALINI

Ek verstaan dat die volgende rituele en gebruike in SRS die effek gehad het om 'n sg. "trance" of "tussen" toestand te kan bereik en om daardeur in aanraking te kom met die Kundalini oftewel vals heilige gees. Dit het ook aanleiding daartoe gegee dat die Kundalini (wat latent by die basis van die ruggraat in die sakrum van elke mens lê weens die saad van Satan in die mens[9]) opgewek is:

- Worsteling (meestal op sak en as), en soms tot die bloed geloop het;
- Instry (geestesdans);
- Losskud van myself, iemand anders en ook mense wat nie eers teenwoordig was nie;
- Deurbid ens.;
- Ander:

  ……
  ……

Ek vra om vergifnis hiervoor Jesus Christus en vra dat U my en my gesin na gees, siel en liggaam sal skoonwas met U kragtige bloed.

5. GEBRUIK VAN NUMEROLOGIE

Ek verklaar dat numerologie (die trek van geesteskrag uit sekere getalle en kombinasies daarvan) nie hoort by kinders van die ware Lig, Jesus Christus nie maar dat die okkult telkens numerologie (magiese krag van sekere getalle en kombinasies) gebruik om geesteskrag aan rituele, vloeke ens. te verskaf. Voorbeelde van die gebruik van numerologie in SRS (veral in die tyd van Ouma Fraser en ook later) was onder andere: -

- Stap 7 maal in die rondte of om iets;
- Skree (of sing of doen) iets 3 maal;
- Rig 3 versoeke aan die "here";
- Sing iets 7 maal of 3 maal;
- Ook die gebruik van die getal 12 of enige kombinasies van bogenoemde;
- Ander wat ek kan onthou:

  ……
  ……

[9] Verwys IIC se lering oor die Impak van die saad van Satan

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

……
……
……

Ek vra dat U my, my eggenoot, kinders en nageslag sal vergewe ook vir hierdie dwaling Here Jesus Christus en dat U ons sal skoonwas met U kosbare bloed van die geestelike effek wat hierdie gebruik van numerologie op ons kon gehad het.

6. DIE GEESTELIKE EFFEK VAN GEMANIFESTEERDE GELOOFSAKSIES

Here Jesus, ek bely dat gemanifesteerde geloofsaksies (of sg. "profetiese aksies") hoort tot die Ou Verbond en dat dit U dus nie geëer het nie. Ek bely dat die volgende gemanifesteerde geloofsaksies in SRS plaasgevind het, sommige waarby ook ek betrokke was en wat ek kan onthou:

- Die uithaal van iemand se hart, die bind daarvan met die dood en die terugsit daarvan;
- Die "speel" van treintjie en om dan dit wat jy wil hê fisies af te laai en dit jou toe te eien;
- Die plaas van iemand en sy/haar besittings op die trein en om hul dan weg te stuur;
- Om te brul soos leeus, blêr soos skape, koer soos duiwe;
- Om te bad soos voëltjies, was en skud vere, rol in die water;
- Waterstrome wat vloei – dan is geskep en gedrink, partykeer is daarin gespring en moes jy jouself daarin was;
- Water - soos van die Bad van Betesda in die Bybel (waar onder die Ou Verbond krag verkrygbaar van die roer van die water gebruik is om siektes en kwale te genees) en dan moes die gelowiges inspring ten einde genees te word;
- Die fisiese vasmaak van jou roeping (in Jesus Christus) aan jou verkiesing (deur die vals jesus);
- Die seëndrade vat en oor jouself knoop, oor die geloofshuise ens.;
- Die elemente (son, maan, wind, ens.) onder die bloed (van die offerdiere) pleit vir reën en gunstige weersomstandighede;
- Bloedbomme wat gegooi is na mense, instansies, ens.;
- Bybels oopmaak en die "vrede" daaruit blaas na mense, instansies ens.;
- Instry en hemel toe dans (soms bloedverwante se hande in die geloof vat en saam instry);
- Die uitsteek van tonge dat hy (vals jesus) ons tonge salf, aanraak, beheer neem ens.;
- Die neem van krag uit sy (vals jesus) se hande;
- Die stewige inslaan van tentpenne en seker te maak dit is vas (en daardeur eintlik jouself te bind);
- Die ontvang van 'n skoon blaadjie, gewoonlik met die oujaarsdienste (skoon blaadjie vir die nuwe jaar);
- Die telkens maak van 'n nuwe oorgawe insluitend om oor en oor die harte vir hom (die vals jesus) gee;

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

- Die gee van geestelike gawes asook bv. 'n liggaamsdeel vir hom en die pleit van die bloed (van die Ou Verbond) daaroor sodat hy (vals jesus) dit kan gebruik ens.;
- Die gee van kinders, eggenote, finansies ens. vir "hom" (vals jesus);
- Die ingaan in die skatkamers van die hemel en vat wat ons nodig het;
- Die blinkvryf van trompette en dan hard daarop blaas vir oorwinning of watter ander rede ookal;
- Die oorwinning uit sy (vals jesus) se hande vat;
- Die vyand onder ons voete vertrap terwyl ons die duiwel hard bestraf;
- Die prys (van die vals jesus) op die toppe van stemme en dan te spring, partykeer rond te hardloop en prys;
- Die sit van alles wat jy het op die altaar voor die vals jesus se troon (ook jouself);
- Aanmoediging om soos kindertjies te wees en om dan ook fisiese manifestasie van kinders uit te voer ten einde in die hemel te kan kom;
- Die bloedtou (van die Ou Verbond) vat en jouself daarmee vasmaak;
- Die aangryp van die kruis (wat die teken is van Semiramis oftewel Lady Faith van die Vrymesselaars, ook bekend as Jezebel);



- Die hand in sy hand (vals jesus) sit, voete in sy bloedspore ens.;
- Slaap met die SR Boodskapper onder jou kussing/matras sodat dit jou sal beskerm en jou kwaal genees;
- Die fisiese gelag (Kundalini) om daarmee die duiwel uit te lag;
- Die fisiese vertrapping van die duiwel onder die voete ens.
  ……
  ……
  ……
  ……
  ……
  (lys ook die ander wat U spesifiek kan onthou)

Ek vra om vergifnis vir al hierdie gemanifesteerde geloofsaksies Here Jesus en verklaar dit geheel en al nietig in U naam. Ek vra dat U my, my eggenoot en nageslag asook alle ander mense ten opsigte waarvan hierdie fisiese geloofsmanifestasies gedoen is sal skoonwas met U kosbare bloed (dit sluit in dié wat ek persoonlik gedoen het asook dié waarby ek teenwoordig was asook dié wat ten opsigte van my en my gesin gedoen is).

7. KANSELLASIE VAN WOORDVLOEKE ASOOK VALS PROFESIEË

In SRS (veral in die tyd van Ouma Fraser maar ook daarna) is daar dikwels woordvloeke gespreek oor die gelowiges en meestal in die vorm van sg. profésie. Sommige van hierdie woordvloeke was die volgende:

- Dat vrouens nie grimering mag dra nie en *"sou hulle hulle ooghare pluk, sal hulle blind word"*;

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

- *"Een maal 'n blou rok, altyd 'n blou rok."* (m.a.w. dat jy nooit uit SRS sal kan kom nie);
- *"Enigeen wat optrek teen die heilige gees se bene sal gebleik lê in die woestyn"* (m.a.w. dat algehele dood en vernietiging hom/haar sal tref en dat hy/sy nooit daarvan sal herstel nie);
- *"Spring uit die pan, dan spring jy in die vuur"* (m.a.w. dat sou enigeen dit durf waag om uit SRS uit te gaan dat hul dit dan nie buite SRS in die wêreld sal oorleef nie maar verskroei sal word deur die wêreldse vure);
- *"Julle maak stoppels vir die vuur"* (m.a.w. dat die kinders wat nou uit gelowiges gebore sou word uitgelewer sal wees aan vernietiging in die eindtyd);
- Profésies (wat veral oor kinders tydens inseëning gemaak is) bv. dat *"die kind die "geestelike barometer" van die gesin sal wees deurdat sy gesondheid die geestelike welsyn van die ouers/gesin sal aandui"*;
- Profésies dat *"kinders nie in hierdie wêreld gebore wil word nie"* (m.a.w. dit vervloek eintlik die kind in die baarmoeder sodat daar bv. stilgeboortes moet wees ens.);
- *"Maak 'n skoon sny met …"* (familie of ander gelowiges);
- *"Jou liggaam* (of iets anders) *sal aan die duiwel oorgegee word"*;
- *"Wie van my steel* (nie tiendes betaal nie)*, ek steel van hom"* ('n finansiële vloek);
- Dat jy *"uitgesif sal word"*;
- Dat jy *"'n kind des verderfs is …"*
- Dat jy *"onder 'n sluier gekom het"* ens.
- Ander:

……
……
……
……

In die naam van Jesus Christus kom ek nou en ek verwerp hierdie vals profesieë en verklaar dat dit vervloeking meegebring het want woorde het krag en die bron daarvan was nie U nie Here Jesus Christus maar wel die "vals jesus". Ek kanselleer elkeen van hierdie woordvloeke (ingesluit alle vals profesieë) wat oor my, my eggenoot, kinders en nageslag gespreek is en ek verklaar dit nietig oor ons in gees, siel en liggaam asook oor ons huwelike, verhoudinge, finansies, besighede, roepinge en bedieninge.

8. VERSOEK OM KANSELLASIE VAN ENIGE OOREENKOMSTE GEMAAK EN VERBONDE GESLUIT MET DIE "VALS JESUS"

Here Jesus Christus, ek verstaan dat sekere praktyke en gebruike wat ons in SRS aan deelgeneem het kon neerkom op ooreenkomste en/of verbonde wat bewustelik of onbewustelik met die vyand (die "vals jesus") gesluit is en waardeur ons onsself, ons eggenoot, kinders en ons nageslagte bewustelik of onbewustelik gebind het en

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

daardeur laat versluier het. Sommige van hierdie praktyke en gebruike sluit in die volgende:

8.1 Inseëning (opdra ook aan die "vals jesus")

8.1.1 Kinders

Aangesien daar (deur die leringe en veral profésies van Ouma Fraser) 'n "ander jesus", 'n "ander evangelie" en 'n "ander gees" in SRS ingekom het, het dit tot gevolg gehad dat (ongeag die opregtheid van die ouers wat die kind laat inseën het) die kind bewustelik of onbewustelik ook aan die "ander jesus" opgedra is. Dit het 'n kontrak in die gees daargestel en moet bewustelik gekanselleer word op grond van wanvoorstelling (die een party tot die geestelike ooreenkoms (naamlik uself) het nie besef en verstaan wat die volle inhoud van die ooreenkoms was nie, terwyl die ander party naamlik die "vals jesus" wel goed verstaan het en u opsetlik mislei het).

8.1.2 Ander inseëninge

Aangesien die "vals jesus" ook (bewustelik of onbewustelik) op grond van die geestelike hoeksteen van Ouma Fraser in SRS vereer is, beteken dit dat enige ander inseëning in SRS ook in die gees die effek gehad het dat die persone op hierdie manier ook geestelik aan die vals Jesus opgedra is en dit hulle sal vashou en verhinder om ten volle in hul werklike roeping en skeppingsdoel vir Jesus Christus op te staan.

Daar was bv. ook inseëning van:

- "Boeties" en "sussies" wat hul loopbaan betree in SRS;
- Werkers;
- Huisgenote van 'n spesifieke geloofshuis;
- Die wat die blou kleed mag aantrek ens.

Lys hier ook die ander inseëninge waarvan U geweet het en deel was van:
……
……
……
……

8.2 Doop van gelowiges

Dieselfde beginsel as met 8.1 hierbo geld ook ten opsigte van die doop van gelowiges indien die gelowige in SRS gedoop is. (Let wel: Dit beteken egter nie noodwendig dat die hele doop vals was nie (die gelowige moet maar self onderskei van geval tot geval) maar daar sou definitief geestelike besmetting van die vals drie-eenheid ingekom het en dus moet die gelowige verkieslik weer gedoop word.)

NB: Daar word aanbeveel dat die gelowige eers oor gedoop word deur 'n ander wedergebore en gedoopte gelowige in Jesus Christus (verkieslik buite

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

georganiseerde kerkverband) en in ooreenstemming met die ware doop van Jesus Christus (naamlik in Sy kruisdood en opstanding[10]) alvorens hierdie verloëningsgebed gebid word. Dit is vanweë die feit dat valsheid opgesluit in die SRS doop nog 'n sterk houvas in die gees op die gelowige mag hê juis omdat daar in die doop van gelowiges baie geestelike krag opgesluit lê.

Die doop as gelowige in SRS het dan ook tot gevolg gehad dat die gelowige hom- of haarself onbewustelik ook vereenselwig het met en dus gebind het aan die "vals jesus" (vals drie-eenheid) en daardeur gebind en versluier is. Dit is dus ook 'n ooreenkoms wat gekanselleer moet word deur mondelinge skuldbelydenis in gebed en daarna deurdat die gelowige weer (of oor) gedoop moet word.

8.3 Nagmaal

Die nagmaal in SRS (soos oorgelewer vanaf Ouma Fraser met die pleit van die verbondstekens onder die bloed van die Ou Verbond) het neergekom daarop dat aan die verbondstafel van "die vals jesus" gesit is (1 Kor. 10:21). Elke keer wat nagmaal so gebruik is, het die gelowige dus die Ou Verbond (wat nie kon red nie) saam met die "vals jesus" bevestig en gevier. Die tekens van die nagmaal (wat onder die bloed van die offerdiere van die Ou Verbond gepleit is) het kragteloos geword en die gelowiges is op hierdie manier weer verbind aan die Ou Verbond wat nie kon red nie. Dit het nie noodwendig beteken dat die gelowiges nie meer gered is nie maar wel dat hulle in die gees gebind is en dat die vyand op hierdie manier kom steel het ten einde hul in geestelike gevangenisskap te plaas.

8.4 Geestelike eggenotes

Ons weet dat elke gelowige in Jesus Christus in 'n geestelike huweliksverbond met Hom staan en dat Hy elke gelowige se geestelike Bruidegom oftewel eggenoot is (Luk 5:34 & 35). So kry mens dan ook die "counterfeit" (vervalsing) naamlik dat Satan homself ook graag wil inwurm as geestelike eggenoot van gelowiges en dan spesifiek in die vorm van Lilith of Asmodee (ook bekend as Baphomet) wat onder die geestelike gesag van die Hemelkoningin staan.

Die effek in die gees deurdat daar telkens toestemming gekry moes word by die SRS leierskap alvorens gelowiges in die huwelik mag tree (en dan ook nog soveel te meer vanweë die feit dat hierdie huwelike meestal in SRS voltrek is en dan ook in die Tempel te Jatniel of in die geloofshuise) was dat die "vals jesus" homself ingewurm het in hierdie huwelike as geestelike eggenoot van beide die man en vrou (sg. "*spiritual husbands and wives*") meestal 'n demoniese gees onder die geestelike gesag van Lilith en/of Baphomet (die Hemelkoningin). Die huweliksverbond was dus nie alleenlik voltrek tussen die twee gelowiges en Jesus Christus nie maar die huweliksverbond is ook gesluit met die "vals jesus" as deelgenoot en mede geestelike eggenoot in die huwelik. Die geestelike huwelik wat so met die "vals jesus" (by name

[10] Verwys na ons lering op YouTube getiteld *"No longer I that live"*

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Lilith/Baphomet/Lucifer) gesluit was moet dus ook in gebed gekanselleer word ('n geestelike egskeiding) en die egpaar moet verkieslik hul huweliksbeloftes weer teenoor mekaar in die teenwoordigheid van die enigste Lewende God, Jesus Christus, in gebed maak.

8.5 Ander ooreenkomste/verbonde gesluit in SRS

Lys ook hier enige ander ooreenkomste en/of verbonde wat in SRS gesluit is met die "vals jesus" (soos deur die Heilige Gees aan U geopenbaar):

……
……
…….

8.6 Gebed om die geestelike ooreenkomste asook die verbonde gesluit met die "vals jesus" te kanselleer

Here Jesus Christus, ek kom staan voor U troon in die geestesrealm en nader U vandag in U hoedanigheid as Opperregter in die geestesrealm want daar staan geskrywe dat aan U alle mag gegee is in die Hemel, op die Aarde en onder die Aarde vanweë die feit dat U Satan en sy krag oorwin het aan die kruis en deur U opstanding uit die dood (Ef. 1:21).

Jesus Christus, ek kom erken en bely dat die volgende gebeurtenisse wat gedurende my betrokkenheid in SRS gebeur het onbewustelik neergekom het op ooreenkomste en dan ook verbondsluiting met Satan:

……
……
……

Here Jesus Christus, ek erken en bely dat wat hierbo gesê is oor hierdie praktyke en die geestelike impak daarvan is die waarheid en ek vra om vergifnis daarvoor Here Jesus Christus.

Ek voer aan in U Hemelse geregshof en voor U troon van Geregtigheid dat ek mislei was Jesus en dat daar dus (soos in die aardse kontraktereg) "wanvoorstelling" plaasgevind het en dat ek nooit tot hierdie ooreenkomste en selfs verbonde met die "vals jesus" (Satan) sou toegestem het indien ek die waarheid besef het nie.

Ek vra dus dat U in die gees 'n kansellasiebevel sal verleen ten opsigte van elkeen van hierdie verbonde en ooreenkomste met Satan en dat U dit op Satan en spesifiek op elke lid van die vals drie-eenheid naamlik songod, hemelkoningin en vals Jesus (of antichrist) asook die Kundalini in die gees sal beteken. Ek vra ook dat U die vyand (Satan en die vals drie-eenheid) sal beveel om aan my restitusie te doen asook om skadevergoeding aan my te gee (met ander woorde dat Satan alles sal teruggee wat hy op hierdie manier van my gesteel het en dat Jesus Christus ook enige skade wat gely is aan my sal vergoed).

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Ek kanselleer dan ook hiermee in die naam van Jesus Christus elke bloedverbond, bloedritueel en bloedoffer wat so (bewustelik of onbewustelik) aan Satan en die onheilige vals drie-eenheid gebring is en ek vra dat U dit nietig verklaar Here Jesus Christus ten opsigte van myself, my eggenoot, my kinders en my ganse nageslag.

Dankie Jesus Christus dat U my en my gesin en nageslag vandag vrymaak van hierdie ooreenkomste en selfs verbonde wat ek onbewustelik met Satan gesluit het en waardeur ek bewustelik of onbewustelik myself, my eggenoot en my kinders in die gees laat bind en versluier het. Kom was ons asseblief skoon na gees, siel en liggaam met U bloed.

9. KANSELLASIE VAN DOPING MET DIE VALS HEILIGE GEES

Here Jesus Christus, ek besef nou (en spesifiek na ek IIC se lering gekyk het en voorafgaande gelees het) dat ek waarskynlik in SRS met die vals heilige gees, Kundalini, gedoop is, en veral indien goed soos *"instry", "worsteling", "deurbid"* en *"oorgee"* dit voorafgegaan het of daarby betrokke was. Dit sluit egter nie uit dat ek ook met U ware Heilige Gees gedoop is nie want (ongeag die valsheid in SRS) was U ook altyd teenwoordig en U het my hart gesien.

Ek kom egter nou en verloën en verwerp die doping met die vals heilige gees (oftewel Kundalini) wat ek nou weet verseker in en deur SRS gewerk het en ek vra dat U my sal skoonwas met U kosbare bloed. Ek verloën en verwerp ook enige vals gawes van die vals heilige gees (Kundalini) wat ek so ontvang het, ingesluit (maar nie beperk tot) die spreek van tale nie. Ek vra dus Jesus Christus dat U al my geestelike gawes sal was met U kosbare bloed en dat U enige vals gawe van die Kundalini sal wegbrand met die vuur van U Heilige Gees en dat net dit wat werklikwaar van U af was sal bly staan.

Ek vra ook om vergifnis Jesus Christus vir al die kere wat ek (direk of indirek) betrokke was by die besmettng van andere met die vals heilige gees Kundalini deur enige van die wanpraktyke wat in SRS beoefen is (soos hierbo genoem maar ook ander).

10. VERSOEK OM VERGIFNIS DAT EK U EN DIE WARE HEILIGE GEES (ONBEWUSTELIK) BEDROEF HET

Jesus Christus, ek besef (na alles wat ek gelees en geleer het) dat ek baie keer in SRS dinge gedoen en gesê het (onder 'n dwaling) wat U ware Heilige Gees bedroef het aangesien U geweet het dat ek 'n ander evangelie aanhang en verkondig en ook ander gelowiges veroordeel het wat nie daarmee saamgestem het nie.

Ek vra om vergifnis Helige Gees van Jesus Christus en God die Vader dat ek teen U ware Heilige Gees gesondig het en U diep bedroef het. Was my assbelief skoon met U kosbare bloed. Dankie dat ek weet dat die enigste sonde teen die Heilige Gees wat nie vergewe kan word nie is waar 'n persoon weier om sy hart vir U te gee (ten spyte van

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

die feit dat U aan die deur van sy/haar hart geklop het) en in hierdie sonde (in rebellie) volhard het tot die dood.

11. GESLAGSOMGANG MET DEMONE (LUCIFER EN DIE GEVALLE ENGELE) EN DIE EED VAN GEHEIMHOUDING EN HEKSERY WAT DIT IN PLEK HOU

Ek erken en bely dat seksuele onreinheid en veral verkragting en sodomie sy ontstaan gehad het by die gevalle engele en hul omgang met die dogters van die mense (maar dan ook met mans) (Gen. 6:4). Ek erken en bely dat die vloek van omgang met gevalle engele asook met die nephilim en die hybrid waarskynlik ook in my voorgeslagte is en ek vra om vergifnis daarvoor Here Jesus Christus en vra dat U daardie vloek oor my en my nageslag sal breek.

Die verkragting en sodomisering van kinders voor 'n sekere ouderdom gaan dan ook gepaard met DID programmering en gedagtebeheer wat ten doel het dat nóg die kind wat verkrag is nóg die persoon wat die verkragting gedoen het enigiets moet onthou. So word Satan se geheim van <u>inisiasie</u> (veral deur sodomie op of ongeveer die ouderdom van 3) dan bewaar en kan daar ook nie innerlike genesing en bevryding kom nie.

Die vloek wat hierdie geheimhouding in plek hou is die eed wat die gevalle engele (volgens die Boek van Henog[11]) op die berg Hermon met mekaar aangegaan het en wat hul versterk het met baie sterk Kabbalistiese heksery en waartydens hul belowe het om hul plan om die menslike DNA (geestelik en fisies) op hierdie manier te besoedel geheim te hou en dat almal van hulle dit sal doen.

Die Kabbalistiese heksery wat hierdie "geheim" in plek hou en wat gekanselleer moet word is gebaseer op die sg. *tetractys* (gebaseer op die onheilige naam van "god" naamlik *Yod Heh Vav Heh* wat "Lord" (of Here) beteken en wat dan ook (in hierdie konteks) verwys na die *"Lord of Darkness"* (Lucifer) en waardeur die krag van Lucifer en 72 gevalle engele deur numerologie en astrologie opgesluit is[12].

Hierdie eed van geheimhouding het dan by Lucifer en die gevalle engele begin en het deur die menslike bloedlyne (veral deur die Vrymesselary en die Illuminati) as die sg. "*geheimenisse"* afgekom.

Ek kanselleer hiermee die bloedlynvloek wat by die gevalle engele begin het (soos hierbo genoem) dat kinders en dan ook volwassenes aan Satan opgedra kan word deur inisiasie (verkragting en veral sodomisering) en dat daar dan 'n gedagtebeheer DID program sal inskop van geheueverlies en totale geheimhouding. Ek kanselleer ook alle

[11] Par. 6.6

[12] Wanneer ons natuurlik die naam YHVH in die regte konteks gebruik om te verwys na Jesus Christus as die Here van die Lig dan is daar nie noodwendig iets met YHVH verkeerd nie, solank ons dit net nie verhef na 'n naam wat bo die naam van "Jesus Christus" is nie.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Kabbalistiese heksery deur die *tetractys* wat dit in plek wil hou in die naam van Jesus Christus oor myself, my eggenoot, my kinders en nageslag. Elke vloek van geheimhouding, stilswye en toesmeerdery word ook gekanselleer in die naam van Jesus Christus.

Ek erken dit, bely dit en vra om vergifnis daarvoor Jesus Christus en vra dat U hierdie eed oor my en my nageslag sal breek sodat dit wat in duisternis gehul wil bly en dus bedek en geheim wil bly in die Lig sal kom en geopenbaar word sodat ek, my kinders en my nageslag genesing en vryheid kan kry.

12. VERGIFNIS EN VRYSPRAAK TEN OPSIGTE VAN SPADE REËN EN SY LEIERSKAP

Here Jesus Christus, in gehoorsaamheid aan U kies ek nou met my gees, siel en liggaam om Spade Reën as godsdienstige organisasie asook sy huidige leierskap en vorige leierskap (ingesluit Ouma Fraser) geheel en al en onvoorwaardelik te vergewe en vry te spreek vir alle misleiding, dwaling asook geestelike, emosionele en ander trauma, skok, hartseer, ontnugtering ens. Ek besef dat almal maar net mense is en dat daar baie goeie mense en mooi kinders van U Here Jesus Christus in Spade Reen is en was. Soos U aan die kruis uitgeroep het verklaar ek ook Jesus Christus dat ek hulle vergewe en vryspreek *"want hul het nie noodwendig almal geweet wat hulle doen nie."* Verder, selfs indien daar sommige was wat nie bloot mislei was nie maar inderdaad presies geweet het waarmee hulle besig was, dan vergewe ek hulle almal ook onvoorwaardelik met my gees, siel en liggaam en spreek almal asook Spade Reën as organisasie volkome vry.

Ek vergewe ook myself, my familie en mede-Spade Reëners vir my eie misleiding en dwaling asook vir die ander mense se aandeel in my misleiding en dwaling. Ek spreek dan ook myself, my familie en mede-Spade Reëners volkome vry.

13. INNERLIKE GENESING

13.1 Lys hier enige insidente en situasies wat vir jou traumaties was en/of waar jy as mens seergekry het gedurende jou tyd in SRS – lys ook die mense wat jy moet vergewe en vryspreek – lys laastens hoe jy gevoel het (bv. seergemaak, verneder, vuil, kwaad, minderwaardig, nie goed genoeg nie ens.)

SITUASIE	PERSONE/ ORGANISASIES	EMOSIES

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

13.2 Gebed vir diep innerlike genesing ten op sigte van elke situasie

Die volgende gebed kan (met geringe aanpassings na gelang van elke situasie) ten opsigte van elke insident gebid word. Let daarop (NB) dat gelowiges wat uit die SRS kom in sommige gevalle ook as kinders gemolesteer en/of verkrag kon gewees het en hierdie innerlike genesing van die etlike beseerde binnekinders sal ook moet kom alvorens die bevrydingsgedeelte van die gebed gebid kan word. Hier en in hierdie konteks beveel ons aan dat gelowiges verkieslik vir mekaar moet bid en mekaar moet help om innerlike genesing te verkry.

13.2.1 *Vergifnis*

Here Jesus, ek kies met my vrye wil en met my gees, siel en liggaam om die SRS en die betrokke mense (……..) te vergewe en geheel en al vry te stel vir wat hulle aan my en my gesin gedoen het (……). Ek vergewe ook myself dat ek my laat mislei het en dat ek onbewustelik toegelaat het dat die vyand hierdie reg oor my lewe verkry (……..)

Indien ek U onbewustelik verkwalik het Here Jesus Christus vir wat gebeur het en verkeerdelik gedink het dat dit U was wat hierdie dinge van my verwag het dan kom vra ek ook nou vir U om vergifnis dat ek vir U kwaad was en dalk teenoor U Here Jesus Christus verbittered geraak het.

Was my asseblief skoon na liggaam, siel en gees van enige bitterheid, onvergewingsgesindheid, haat, woede, gevoel van onreg, hartseer, pyn ontsteltenis ens.

……

……

(lys al die negatiewe emosies)

13.2.2 *Diep innerlike genesing*

13.2.2.1 Beseerde binnekinders en beseerde binnevolwassenes

Here Jesus, ek vra dat U nou in die gees aan die beseerde binnevolwassene (of binnekind) sal verskyn van my geesmens (op my menslike geesvlak) wat seergekry het toe …….. (noem

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

dit wat gebeur het) en dat U die beseerde binnevolwassene of binnekind na vore sal roep.

Jesus, help asseblief hierdie beseerde binne volwassene of kind van my geesmens (by my menslike geesvlak) om te vergewe en vry te spreek en was asseblief hierdie volwassene en/of kind skoon met U bloed (op geesvlak asook op siel en liggaamsvlak). Droog U asseblief al die trane af Here Jesus Christus en was met U bloed al die negatiewe emosies weg.

Indien daar enige gees- en sielskopieë van die oortreder(s) …… in hierdie binnekinders en binnevolwassenes is, beveel ek hulle om te konsolideer en een te word en ek vra dat U die geeskopieë en sielskopieë sal uitruk Jesus Christus.

Ek vra nou Jesus dat Uself met U eie hande die binnevolwassene en/of binnekind sal kom haal op my menslike geesvlak maar ook op siel en liggaam vlak.

Dankie Here Jesus

13.2.2.2 <u>DID dele wat gevorm het as gevolg van die skok en trauma van die insident</u>

Here Jesus, ek vra weereens dat U aan elke DID deel van myself wat gevorm het as gevolg van die skok en trauma van die insident sal verskyn, eerstens op my menslik geesvlak, maar dan ook tegelyk op siel en liggaamsvlak. Jesus, ek bely dat DID dele meestal ten doel het om die “core” oftewel “ID boek” mensgees, siel en liggaam te beskerm maar dat die vyand ook hierdie versplinterde dele van myself gebruik om my in gevangenisskap te hou en om te keer dat ek heeltemal kan vrykom en in geloof in U uitstap.

Ek vra dus dat elke DID deel van myself (op menslike gees, siel en liggaam vlak) wat gevorm het tydens die skok en trauma van die insident nou voor Jesus Christus in die gees sal buig en Sy gesag aanvaar. Indien die dele nie in Jesus Christus is nie (m.a.w. nie gered is nie) vra ek dat hulle nou die deure van hulle harte sal oopmaak dat Jesus Christus kan inkom (eerstens op geesvlak maar ook op siel en liggaam vlak). Enige beskermer DID dele van my op geesvlak maar ook op siel en liggaamvlak moet nou besef dat ek nie langer wil hê dat hulle my moet beskerm nie want ek plaas my vertroue net in Jesus Christus wat getrou is en beloof om my te beskerm.

Ek kanselleer in die naam van Jesus Christus elke vorm van gedagtebeheer, programmering, heksery (ook kabbalistiese heksery), vloeke asook “triggers” en geestelike hokke en sluiers waarmee hierdie DID dele werk. Ek kanselleer ook enige sluiers en kettings waarmee hierdie DID dele versluier en gebind is in Jesus Christus se naam. Ek verklaar dit nietig in Jesus Christus se naam op gees, siel en liggaam vlak.

Ek vra laastens Jesus Christus dat U hierdie DID dele sal skoonwas met U bloed en hulle nou laat integreer met die core (ID boek) van my gees, siel en liggaam sodat ek kan heel word.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

13.2.2.3 Geestelike gevangenes

Indien die vyand geestelike gevangenes geneem het as gevolg van die trauma en skok van hierdie insident en hulle in die geestesrealm gevange hou vra ek nou Jesus Christus dat U U oorlogsengele sal opdrag gee om elke geestelike gevangene van myself te gaan haal naamlik enige gees- of sielskopieë van myself asook enige DID dele van my geesmens. Ek vra dat U hulle sal skoonwas met U bloed en dat die DID dele van my geesmens U sal aanneem as Verlosser (indien hul nie in U is nie) en dat U die gees - en sielkopieë sal wegneem Here. Integreer dan ook die deeltjies van my geesmens met my "core" gees (maar ook op siel en liggaam vlak).

Dankie Jesus vir die heelmaking. Ek loof en prys U!

(NB: Hierdie gebed vir innerlike genesing moet gebid word ten opsigte van elke trauma insident en dus elke beseerde binnekind en/of binnevolwassene alvorens voortgegaan word na die bevrydingsgedeelte van die gebed. In geval van binnevolwassenes en/of binnekinders waar die trauma baie soortgelyk is kan hulle gesamentlik hanteer word.)

13.2.3 ***Integrasie van DID dele op menslike geesvlak wat gesplit het en geprogrammeer is al by konsepsie in die baarmoeder (relevant ten opsigte van 2de, 3de en verdere generasie Spade Reëners)***

Here Jesus Christus, ek verstaan deur die leringe van Ignited in Christ dat die saad van Satan ingekom het by konsepsie in die baarmoeder toe my geesmens ook (van U af) in my liggaam ingekom het aangesien ons almal in sonde ontvang en gebore is. Aangsien my ouers (een of albei) reeds in Spade Reën was toe ek geskep is in die baarmoeder het die bindinge van SRS ook reeds my deur die bloedlyne geimpakteer.

Ek kanselleer hiermee in die naam van Jesus Christus die bloedlynvloek van Spade Reën oor my en my kinders en nageslag in gees siel en liggaam en verklaar dit nietig.

Here Jesus Christus, ek vra dat U sal verskyn in die gees aan elke deel van my geesmens wat afgesplinter het (alreeds by konsepsie in die baarmoeder en weens die impak van die Saad van Satan) as gevolg van die bloedlynvloek van Spade Reën en wat deur die vyand geprogrammeer is met die bindinge van Spade Reën (spesifiek dele van my geesmens wat geprogrammeer is as bv. "die Gees van Spade Reën", "Helena P Blavatsky", die "Ascended Masters" of "Mahatmas", "Ouma Fraser", "Jezebel", "Kundalini" ens. ens.)

Ek vra dat hulle die deure van hul harte vir U sal oopmaak Here Jesus sodat U kan inkom en hul wedergebore kan word in U. Ek kanselleer in die naam van Jesus Christus alle demoniese gedagtebeheer en programmering oor hulle asook enige vloeke, "triggers" en geestelike hokke ("caging").

Ek vra dat U hulle skoon sal was met U bloed Here Jesus Christus en hul nou almal op gees, siel en liggaam vlak integreer met my core (ID boek) gees, siel en liggaam. Ek

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

pleit U bloed oor hierdie integrasie Jesus Christus en vra dat U dit sal verseël met U bloed. Dankie Jesus vir hierdie heelmaking.

14. BEVRYDING

(Die bevrydingsgedeelte van die gebed moet slegs gebid word nadat al die regte van die vyand reeds weggeneem is aangesien ons Here Jesus Christus regverdig is en die vyand weet dat hy mag aanbly indien hy nog ‘n reg sou hê. Regte van die vyand sluit in onbelyde sonde en/of dwalinge, ongebreekte ooreenkomste en verbonde met die vyand asook bloedlynvloeke. Ongeneesde seer, trauma en/of skok en ontnugtering is nie soseer ‘n reg wat die vyand het nie maar sekere DID dele asook sterkmanne sal steeds kan krag trek van die ongeneesde seer, skok en trauma wat dan die bevryding moeiliker kan maak.)

14.1 Sterkmanne op menslike geesvlak

Here Jesus Christus, in U naam kom ek nou teen die volgende sterkmanne (hybrid en nephilim geeste) wat deur my voormalige lidmaatskap van SRS ‘n houvas op my en my gesin gekry het en wat by my op menslike geesvlak teenwoordig is:

- Die Gees van Spade Reën (*alias* Lucifer/Satan, wat in die gees manifesteer as ‘n rooi draak) ook as “die Oog” van Horus (soos deur Ouma Fraser geprofeteer);
- Kundalini (die vals heilige gees), die Gees van New Age, Pharmakeia, die gees van die sg. Kaboutermannetjie, die Antichris;
- Leuengees, Misleiding en Verwarring;
- Hemelkoningin, Lillith (Lady Love), Asmodee, Jezebel (Lady Faith), Hecate (Lady Hope) asook alle nephilim en hybrid geeste wat na hulle toe rapporteer insluitend Seksuele Onreinheid, “Lust”, Pedofilie, Molestasie, Verkragting, Geestelike Eggenotes (ingesluit *Incubis* en *Sacubis*), Godsdiens, Tradisie en Dogma, Wettisisme, Gees van Moeder Maria, Semiramis, Astarte, Ashterof, Kabbalistiese Heksery, Gedagtebeheer, Programmering en “Caging”;
- Die geeste agter die sg. “Ascended Masters” en “Mahatmas” van Helena Blavatsky en alle geeste te doene met die “Theosophical Society”;
- Baäl/Molech/Dagon, Athaliah, Jezebel en Agab, Arbagon, Bronkisilis en Castoralis, Leviathan, Geestelike Hoogmoed, Valsheid, Beheer en Kontrole, Dominering, Manipulasie en Intimidasie, Afgodery, Bloedoffers en Kinderoffers, Bloedverbonde, Dood en Vernietiging, Grim Reaper, Moordgees, Depressie, Angs, Vrees, Spanning, Selfmoord, Mammon, Armoede, Gees van Azai, Versukkeldheid, Onwaardigheid, Minderwaardigheid en Swak Selfbeeld, Onderdrukking, Vernedering, Paranoiah, Doofstomgees, en ook alle ander sterkmanne wat na hulle toe rapporteer of wat met hulle saamwerk.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

- Dan ook spesifiek al die nephilim en hybrid geeste wat identifiseer met die 72 gevalle engele wat saam met Lucifer (oftewel Azazel) aan die 12 sterretekens van die Zodiac verbind word en wat spesifiek met die uiters onheilige naam van god "YHVH" *("the dark lord"*) verbind word in die uiters okkultiese "*tetractys*" met die numerologie van 72 (Satan en gevalle engele) asook 666 (die nommer van die Dier van Openbaring oftewel die Antichris). Elkeen van hierdie geeste wat identifiseer met die 72 gevalle engele wat dan ook agter Kabbalistiese Heksery is saam met Lucifer (*"the dark lord"* oftewel die *"here van duisternis"*- YHVH – die "ander een" van die dualisme in die Ou Testament*)* word op geesvlak as die sterkmanne agter die dwaling van SRS ook aangespreek en ingesluit in hierdie gebed;





Correspondence between the tetractys, the ten Sephiroth and the Egyptian neteru

(Sien die rooi dot in die middel van die *tetractys* is Horus (vals jesus) en vandaar die "Oog van Horus" (wat die vals Jesus uitbeeld) in die middel van die driehoek, veral so in Vrymesselary. Hierdie einste rooi dot kan dan ook in die logo van verskeie maatskappye gesien word wat 'n duidelike "give away" is van die feit dat dit 'n Vrymesselaarsmaatskappy is onder beheer van die *"dark lord"* oftewel Lucifer. Sien die bekende logo hiernaas as voorbeeld die rooi dot in die middel en die *oroborus* (slang) rondom, ter illustrasie.)

Ek vra Jesus Christus dat U deur U Gees nou aan elkeen van hierdie sterkmanne (wat deur SRS 'n houvas op my en my gesin verkry het) sal verskyn op my menslike geesvlak en dat hulle U heerskappy in my gees, siel en liggaam sal erken en voor U buig. Ek bevestig en verklaar dat hul nie meer enige regte het op my gees, siel en liggaam nie en ook nie ten opsigte van my eggenoot en kinders nie. Ek vra dat U met U eie hande hierdie sterkmanne sal kom bind Here Jesus want U sê in U Woord dat wanneer ons die sterkmanne gebind het kan ons die huis beroof.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

14.1.1 *Kansellering van alle gedagtebeheer, programmering, heksery, triggers en geestelike hokke (geestelike "micro-chips")*

Ek kanselleer in die naam van Jesus Christus al hierdie sterkmanne se geestelike "micro-chips" wat insluit enige gedagtebeheer en DID programmering by my en my gesin op gees, siel en liggaamvlak. Ek kanselleer ook daarmee saam enige programmering van geestelike sluiers, geestelike hokke en ander geestelike bindinge. Alle vloeke, heksery en ook "triggers" op gees, siel en liggaam vlak word gekanselleer in die naam van Jesus Christus en nietig verklaar.

14.1.2 *Vrylating van geestelike gevangenes*

Indien enige van hierdie sterkmanne nog enige geestelike gevangenes van my en my gesin aanhou iewers in die geestesrealm (maar spesifiek ook op geestelike plekke in die SRS Tempel, in die Zodiac of sterrekonstillasies en op of in die "astral planes"), as gevolg van die bindinge en rituele wat in SRS plaasgevind het, dan vra ek Here Jesus Christus dat U nou U oorlogsengele sal instuur om al die geestelike gevangenes (naamlik DID dele van my en my gesin se geesmens asook demoniese gees- en sielskopieë van my en my gesin) te gaan soek, vind en uithaal. Ek vra dat U hul sal losmaak en vrymaak en hul ook sal skoonwas met U bloed.

Ek vra dat U die gees- en sielskopieë bloot sal wegneem en vrymaak en dat U elke deeltjie van my en my gesin se geesmens wat gesteel is sal terugbring en integreer met ons "core" (ID boek) geesmens (maar ook op siel en liggaam vlak).

Ek dank U Here Jesus Christus en pleit U bloed oor die integrasie op gees, siel en liggaam vlak.

14.1.3 *Integrasie van alle demonies geprogrammeerde DID*

In U naam Jesus Christus beveel ek nou alle demonies geprogrammeerde DID dele (onder beheer van al hierdie sterkmanne wat gebind is) op gees, siel en liggaamvlak maar ook spesifiek die volgende DID's:

- Die nephilim asook die hybrid (draak) wat bekend staan as die *"Gees van Spade Reën"*;
- Helena Petrovna Blavatsky, Annie Besant, CW Leadbeater en al die ander van die Theosophical Society;
- Die sg. "Ascended Masters" of "Mahatmas" by wie Helena Blavatsky haar sg. wysheid ontvang het naamlik, onder andere, Jesus (vals), Sanat Kumara, Buddha, Maitreya, Confucius, Lord Lanto (Confucius se historiese mentor), Maria die Moeder van Jesus, Lady Master Nada, Enoch, Kwan Yin, Saint Germain en Koot Hoomi (Kuthumi) en alle ander – wie almal bose geeste van die gevalle engele is;
- Enige oosterse en ander "gurus" en andere by wie Helena Blavatsky en andere in die Theosophy geleer het;
- Hekse en sataniste, Vrymesselaars en Illuminati, die heks Azai;

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

- John Alexander Dowie (van Zion House, Chicago), Charles Parham, John G Lake en andere wat ‘n sg. salwing of doping met die “heilige gees” ontvang het by (of vanaf) die bediening van John Alexander Dowie;
- Ouma Maria Martha Fraser, Hugh Fraser asook die 9 dames wat saam met Ouma Fraser by die stigting van SRS betrokke was;
- Martha Wing Robinson (1874 – 1936) (na bewering het Ouma Fraser gereeld met die boek oor haar lewe getiteld “*Radiant Glory”* en geskryf deur Gordon P Gardner rondgeloop);
- Al die ander leiers van SRS (ingesluit Pieter van Vuuren) tot op hede;
- Alle “profete”, werkers en lede van SRS;
- Alle nephilims en hybrids en spesifiek ook die geestelike kinders van die gevalle engele; asook
- Alle DID deeltjies van myself, my eggenoot, kinders en nageslag (wat onder hierdie dele gevange gehou word).

om die deure van hul harte vir Jesus Christus oop te maak en om toe te laat dat Jesus Christus hul skoonwas met Sy bloed en hul integreer met my en my gesin se “core” (ID Boek) gees, siel en liggaam. Beseël asseblief dan ook die integrasie met U kosbare bloed Jesus Christus.

14.1.4 *Geeskopieë op menslike geesvlak*

Here Jesus Christus, ek vra dat U op menslike geesvlak sal opdrag gee dat elke geeskopie van enige van die persone, nephilims, hybrids en ander entiteite wat deur SRS en Ouma Fraser (spesifiek ook dié genoem in 14.1.3 hierbo) by my menslike geesvlak ingekom het sal konsolideer tot een geeskopie elk en ek vra dat U hulle almal nou sal uitruk Jesus Christus.

14.1.5 *Bevryding van Sterkmanne*

Here Jesus Christus, nou vra ek dat Uself met U eie hande op menslike geesvlak hierdie sterkmanne van SRS (soos hierbo onder 14.1 genoem, maar ook enige ander wat U van weet en wat nie spesifiek genoem is nie) sal kom haal. Maak hulle asseblief los van my en my gesin se geesmens, sny hul los van enige DID dele asook kragdemone, voetsoldate, demoniese gees- en sielskopieë en enigiets anders waarvan hul kan probeer krag trek en kom haal hulle asseblief Jesus Christus.

Baie dankie Jesus Christus en nou vra ek dat U al hierdie sterkmanne se geestelike poorte op mensgeesvlak sal sluit met U sleutels van die Koninkryk sodat hulle nie weer sal kan terugkom nie.

14.2 Kragdemone, voetsoldate asook demoniese sielskopieë op siel en liggaam vlak

In Jesus Christus se naam bind ek alle kragdemone en voetsoldate wat op siel en liggaam vlak ingekom het deur SRS (en wat weet dat hul sterkmanne deur Jesus weggeneem is) aanmekaar vas met ‘n geestelike tou.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Ek beveel nou alle demoniese sielskopieë (wat deur SRS in my en my gesin ingekom het) op gees, siel en liggaam vlak om te konsolideer tot een sielskopie elk.

Laastens beveel ek al die kragdemone en voetsoldate (van al die sterkmanne van SRS wat nou deur Jesus weggeneem is) om uit te gaan op siel en liggaam vlak en ek vra dat Jesus al die gekonsolideerde sielskopieë (wat deur SRS ingekom het) sal uitruk op siel en liggaam vlak by my, my eggenoot en kinders.

Dankie Jesus Christus! Ek loof en prys U!

14.3 Kansellasie van elke geestelike sluier

Laastens, Vader, ek vra in die naam van Jesus Christus dat U deur die krag van U Heilige Gees nou enige demoniese sluier (wat die vyand oor my geesmens asook oor my siel en liggaam getrek het) sal afruk en spesifiek verklaar ek dat ek die blou rok (asook die wit rok op Sondae) nou ook in die gees uittrek op gees, siel en liggaam vlak.

Ek vra ook dat enige geestelike banier wat die vyand oor my geesmens, siel en liggaam getrek het wat sê ek is nie goed genoeg nie (of wat op enige ander wyse by my kom steel) nou van my afgeruk sal word in die gees en dat U 'n nuwe geestelike banier oor my sal plaas in die gees Here Jesus Christus wat sê: *" Ek ……. is meer as 'n oorwinnaar deur Jesus Christus wat vir my krag gee."* (Rom. 8:37)

15. DOPING MET DIE HEILIGE GEES

Nou vra ek Here Jesus Christus dat U my en my gesin net weereens en opnuut op gees, siel en liggaam vlak sal doop met U Heilige Gees en met U Heilige Vuur (U *dunamis* krag). Ek vra ook opnuut dat U aan my al die gawes van U Gees sal gee soos deur Paulus in 1 Kor. 12 genoem.

Was ook asseblief met U bloed enige trauma wat ek mag beleef het tydens die bid van hierdie gebed en die bevryding wat ek beleef het op gees, siel en liggaam weg met U kosbare bloed.

Verpleeg ook asseblief enige geeswonde met U eie hande en met U bloed Here Jesus Christus wat mag ontstaan het tydens die verwydering van enige van die sterkmanne op my menslike geesvlak.

Vul my opnuut met U vrede wat alle verstand te bowe gaan en help my om U permanente Sabbatsrus (Hebreërs 4) in te gaan sodat ek vry sal bly van dooie werke, wettisisme en godsdiens.

16. DANKSEGGING

Here Jesus Christus (as deel van die drie-enige God Vader, Seun en Gees) ons gee aan U al die eer en heerlikheid vir hierdie gebed en dank U vir hierdie genesing en vrymaking. Dankie dat U alle bande waarmee die vyand my en my gesin gebind het verbreek het en elke sluier gelig het op gees, siel en liggaamvlak en my volkome genees en vrygemaak het.

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org

Rus my asseblief nou opnuut toe vir dissipelskap Here Jesus Christus en was al U geestelike gawes van U Heilige Gees in my met U kosbare bloed en herstel dit tot die oorspronklike geestelike krag wat U vir my bedoel het.

Leer my opnuut deur U Heilige Gees Jesus (en die lees van die Nuwe Testament) wie U werklik is en wat die inhoud van die Nuwe Verbond is.

Jesus, lei my nou in die roeping in wat U vir my het en help my om 'n kragtige eindtyd dissipel vir U te wees deurdat ek ook andere sal kan help om waarheid te ontdek, vry te kom en genesing te vind.

AMEN

(Indien die gelowige nog nie volle bevryding ervaar het met die bid van hierdie gebed nie kan dit wees as gevolg van bloedlynvloeke wat nog nie volledig bely en gekanselleer is nie en/of vanweë bv. kinderjare trauma wat nog weggesteek is en derhalwe nog nie genees kon word nie. In hierdie verband moedig ons dan die gelowige aan om die erkenning, belydenis en vergifnis deel van hierdie gebed (tot en met paragraaf 12) solank te bid en om dan eers IIC se ander leringe en verloëningsgebede deur te werk en af te bid. Daarna kan die bevrydingsgedeelte van hierdie SRS verloëningsgebed weer gebid word en sal die sterkmanne waarskynlik nie meer regte hê nie. Bowenal, volg die leiding van die ware Heilige Gees en Jesus sal U lei en U nooit in die steek laat nie. Hy belowe in Sy Woord dat Hy die goeie werk wat Hy in ons begin het sal klaarmaak tot op die dag van Sy wederkoms (Fil. 1:6). Mag ons Here Jesus Christus U ryklik seën vir U gehoorsaamheid aan Hom.)

(ELKE VOORMALIGE SPADE REËNER WORD VRIENDELIK VERSOEK DEUR IGNITED IN CHRIST OM ENIGIETS WAT NA HUL MENING BY HIERDIE VERLOËNINGSGEBED BYGEWERK MOET WORD PER E-POS (INFO@IGNITEDINCHRIST.ORG) ONDER ONS AANDAG TE BRING SODAT HIERDIE GEBED TOT VOORDEEL VAN ALMAL VAN TYD TOT TYD OPGEDATEER KAN WORD.)

Geen kopiereg voorbehou - www.ignitedinchrist.org